DIE GODE IS NABY

I.A. Ponelis

Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad

Magister Philosophiae in Ou Nabye Oosterse Studie

aan die Universiteit Stellenbosch

Pectora roborant cultus recti

Studieleier: Prof. I. Cornelius

Gradeplegtigheid: April 2003

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Opsomming

Die opkoms van die Antieke Egiptiese beskawing teen die einde van die vierde millennium vC was essensieel 'n godsdienstige proses. Die beskawing het rondom 'n godsdiens ontwikkel wat sy skering en inslag in die vrugbare Nylvallei gehad het. Metafore uit die Nylkonteks is gebruik om die godedom te vergestalt.

Skeppingsmites het op verskillende tye en op verskillende plekke 'n verklaring van die ontstaansgeheim van gode en mense probeer gee. Hiervolgens is alle gode en mense deur 'n oerwese geskape nadat hierdie oerwese homself tot stand gebring het. In 'n poging om die verskillende fasette van gode uit te beeld, is verskillende metafore gebruik; dieselfde god kon vergestalt word as mens en/of dier. Tog het alle gode menslike eienskappe gehad en het hulle almal in menslike strukture gefunksioneer. In die oerstaat sou mense en gode in harmonie saamleef. Toe die mens in opstand gekom het, is hierdie harmonie versteur, en die gode het die wêreld van die mensdom verlaat.

Nadat die gode die aarde verlaat het, kon hulle net deur 'n middelaar bereik word. Die rol van middelaar is ingeneem deur die farao. Dit was die opdrag van die farao om die orde wat van die skepping af teenwoordig was, op aarde te handhaaf. In sy amp as hoëpriester van alle kultusse moes die farao daagliks die gode tevrede hou deur hulle van die instandhouding van Ma'at te verseker. Hierin is hy as godkoning bygestaan deur 'n hiërargie van priesters wat in tempels kultusrituele uitgevoer en offers aan die gode gebring het. Die gewone mens is in 'n groot mate uitgesluit van formele godsdiens en het 'n heenkome in volksgodsdiens gevind.

Die dominante rol wat artefakte rondom die dood en grafrituele speel, het geensins gedui op 'n beheptheid met die dood nie. Alle rituele en toerusting is gerig op die instandhouding van die lewe na die dood, waaraan die Antieke Egiptenaar onwrikbaar geglo het. Toetrede tot die lewe na die dood het 'n moreel regverdige lewe vereis en is bepaal by die oordeelseremonie wanneer die afgestorwene se dade op 'n skaal teenoor die veer van Ma'at geweeg is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Elke aspek van die daaglikse lewe in Antieke Egipte is geraak en bepaal deur die besondere rol van die godsdiens en die farao as hoofrolspeler in die godsdiens.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Summary

The rise of Ancient Egyptian civilization by the end of the fourth millennium BC was essentially a religious process. The civilization developed from a religious core that was formed by and in the Nile valley. Metaphors were drawn from the context of the Nile to represent deities.

In different epochs and at different places, creation myths attempted explaining the mystery of the origin of god and man. According to these myths, both god and man were created by a primal being after it had brought itself into being. In an attempt to depict different facets of deities, various metaphors were used. One and the same god could be represented as a human and as an animal. Nonetheless, all deities possessed human features and all functioned in human structures. In the primal state mankind and the gods coexisted in harmony. When man rebelled this harmony was shattered, and the gods left the world of man.

After the gods had left earth they could be approached only by a mediator. The role of mediator was played by the pharaoh. It was the pharaoh's mission to maintain the order on earth that had been present since creation. In the office as high priest of all cults it was incumbent on the pharaoh to keep the gods satisfied by ensuring them of the maintenance of Ma'at. In this the pharaoh as god-king was assisted by a hierarchy of priests who performed cult rituals in temples and sacrificed to the gods. To a great extent, ordinary people were excluded from formal religion and resorted to popular or demotic religion.

The dominant role of artefacts in death and grave rituals does not signify an obsession with death. All rituals and artefacts were involved in maintaining life after death, and the afterlife was something that Ancient Egyptians implicitly believed in. Admission to life after death required a morally sound and just life, which was determined in the judgement ceremony when the deeds of the deceased were placed on a scale weighted with the feather of Ma'at.

Religion, with the pharaoh at its centre, permeated every aspect of daily life in Ancient Egypt.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUD

Inleiding 1
1. Afdeling 1: Gode en die kosmos 3
1.1 Godsbegrip 3
1.1.1 Gode uit eie bodem 3
1.1.2 Uitbeelding 4
1.1.3 Name 5
1.1.4 Sinkretisme 6
1.1.5 Eienskappe 6
1.1.5.1 Oorsprong 6
1.1.5.2 Menslike aard van gode 10
1.1.5.2.1 Eetgewoontes 10
1.1.5.2.2 Geslagtelikheid 11
1.1.5.2.3 Liggaamlikheid 13
1.1.5.2.4 Menslike instellings 14

1.2 Kosmogonie 16
1.2.1 Skepping en herskepping 16
1.2.2 Skeppingsmites 17
1.2.2.1 Heliopolis Kosmologie 17
1.2.2.2 Die kultus van Hermopolis 19
1.2.2.3 Die skeppingsverhaal van Memfis 21

1.3 Die Antieke Egiptiese panteon 23
1.3.1 Omgewingsassosiasie 23
1.3.2 Plaaslike en nasionale gode 24
1.3.3 Begrafnisgode 25

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.4 Enkele van die bekendste Egiptiese gode 27
1.4.1 Songod 27
1.4.2 Atum 28
1.4.3 Ra 28
1.4.4 Ma'at 30
1.4.5 Khepri 34
1.4.6 Shu 35
1.4.7 Tefnut 35
1.4.8 Geb 36
1.4.9 Nut 37
1.4.10 Osiris 37
1.4.11 Isis 41
1.4.12 Horus 42
1.4.13 Seth 44
1.4.14 Nephthys 46
1.4.15 Hathor 46
1.4.16 Wadjet 48
1.4.17 Nekhbet 48
1.4.18 Amun 49
1.4.19 Mut 51
1.4.20 Khonsu 52
1.4.21 Aten 52
1.4.22 Ptah 54
1.4.23 Sokar 56
1.4.24 Sekhmet 57
1.4.25 Anubis 58
1.4.26 Neit 59
1.4.27 Thoth 60
1.4.28 Khnum 62
1.4.29 Min 63
1.4.30 Montu 64
1.4.31 Bastet 65

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Afdeling 2: Gode en mense 67
2.1 Ontmoeting 67
2.1.1 Afstand 67
2.1.2 Kontak 68
2.1.2.1 Konings 69
2.1.2.2 Priesters 72
2.1.2.2.1 Priesterlike pligte 74
2.1.2.2.2 Vroue 74
2.1.2.2.3 Tempelpriesters 75
2.1.2.2.4 Grafpriesters 75
2.1.2.2.5 Priesters van huisgode en die magiese 75
2.1.2.3 Tempels 76
2.1.2.4 Rituele 79
2.1.2.5 Offers 80
2.1.2.6 Feeste 80
2.1.2.7 Volksgodsdiens 83
2.1.3 Die grafkultus 86
2.1.3.1 Die siel 87
2.1.3.2 Oordeel 88
2.1.3.3 Mummies en grafte 90

Samevatting 93

Bronne 94

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Gode is Naby

Egiptiese godsdiens kan omskryf word as 'n sisteem of sisteme van kultusse en rituele bestaande uit mitiese en mistieke ervaringe wat die onverwoesbaarheid van die lewe van die individu, die staat, die wêreld van die natuur en die kosmos konstant herbevestig en positief beïnvloed het (Tobin 1989:5).

Ons kennis van die Antieke Egiptiese sisteem van kultusse en rituele, van mitiese en mistieke ervaringe is fragmentaries en indirek. Die vroegste religieuse dokumente, die Piramidetekste (ongeveer 2350 vC), verskyn eers sewe eeue na die ontwikkeling van skrif in Egipte en hulle handel aanvanklik oor die lotgevalle van die konings na hul dood; later word ook die lotgevalle van die onmiddellike koninklike familie ingesluit. 'n Paar eeue later, teen ongeveer 2000 vC, word in die Kistekste eers aandag gegee aan die lewe van die gewone mense na die dood. Gedurende die Nuwe Koninkryk word Kistekste maar ook nuwe materiaal in die Boek van die Dood opgeneem. Heelwat oorspronklike werk word in hierdie periode gelewer, en op die mure van die koninklike graftombes verskyn verskillende pogings om die skepping, die heelal en die lewe na die dood te beskryf. *Endlessly recopied and rearranged, these texts are a pot-pourri of information about the gods and their life, myths and rites, and the hopes human beings attached to the life after death* (Meeks & Meeks 1996:5). Uit hierdie massa materiaal kristalliseer 'n beeld van verskeie gode, losstaande kultusse en rituele. Verder word die prentjie vertroebel deur die afwesigheid van 'n sentrale dogma, heilige skrifte, soos die Bybel of die Koran, en een sentrale waarheid.

Tog is dit nie net uit fisiese dokumentasie wat 'n beeld van die godsdiens saamgestel kan word nie; die opkoms van die Egiptiese beskawing teen die einde van die vierde millennium vC, was immers essensieel 'n godsdienstige proses. 'n Beskrywing van die Antieke Egiptiese godsdiens betrek dus alle domeine van die kultuur; sy dit grafiese kuns, letterkunde, argitektuur, staatkunde, sosiologie, ekonomie, of wetenskap.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar is verskillende moontlike benaderinge tot die bestudering van godsdienstige praktyke. Die een wat in hierdie werkstuk gevolg word, is om opvattings oor die skepping en die aard van die god of gode te ondersoek en van daar te kyk na die verhouding tussen mense en god/e (Baines 1991:124). Afdeling 1 het dit oor die Antieke Egiptenare se siening van die skepping en die aard van gode, terwyl in Afdeling 2 gekyk sal word na die verhouding tussen gode en mense.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. AFDELING 1: GODE EN DIE KOSMOS

1.1 Godsbegrip

1.1.1 Gode uit eie bodem

Alhoewel elke kultuur op sy eie manier die vorm of vorme bepaal wat die goddelike wese of wesens uiteindelik gaan aanneem, is dit opvallend dat hierdie wese in bykans elke kultuur 'n menslike vorm aanneem. Hoewel Egiptiese gode visueel en literêr in verskillende vorme uitgebeeld word, word hulle steeds met menslike eienskappe en 'n menslike aard uitgebeeld.

Die Antieke Egiptiese wêreldbeeld is nie gebasseer op lewenlose en abstrakte opvattings oor ver verwyderde sfere in onvoorstelbare tye nie. Hulle het geglo in kragtige, verklaarbare gode wat rondbeweeg het in die bekende wêreld; die natuurlike kosmos. By die bestudering van die Egiptiese godsdiens word dit gou duidelik dat die bepalende invloed van natuurverskynsels soos die sonsiklus, die sterrekonstellasie, die jaarlikse oorstromings, die plaaslike plantegroei en dierelewe en die kontras tussen woestyn, Delta en vallei moeilik oorskat kan word. Natuurverskynsels soos die ritme van die sonsiklus, die Nyl se eb en vloed, natuurobjekte soos die skarabee, plante en diere word direk uit die natuur oorgeneem in die godsdiens en word die primêre tema van die godsdiens en godsdiensobjekte. Meeks & Meeks (1996:83) praat van *an Egypt of the Gods* as hulle verwys na die omgewing waarbinne die antieke Egiptiese gode se daaglikse lewe afspeel.

Dit sou dus veilig wees om te beweer dat binne die besondere omgewing van die Nyl, Delta, vallei en woestyn,'n besondere konsep van gode ontstaan het en 'n godsdiens ontwikkel het waarbinne Egipte die sentrum van die skepping was en wat geskoei is op die lees van die bekende natuur; dat gode na die beeld en aard van mens en meestal bekende dier ontwikkel is en dat hierdie gode antwoorde op eksistensiële vrae en beskerming teen gevare aan die hand van voorbeelde uit die natuur verskaf het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.1.2 Uitbeelding

Visuele en literêre uitbeeldinge moet gesien word as 'n herkenbare konseptualisering, van 'n abstrakte goddelike mag. Die vorm waarin antieke Egiptiese gode uitgebeeld is en eienskappe wat aan hulle toegeken is, moet gesien word as metafoor vir 'n hoër idee van die goddelike en 'n poging om die verskeidenheid aspekte en funksies van die individuele god uit te beeld. Dus 'n hiëroglief, 'n "skryf", van die aard en funksie van die gode (Hornung 1996:110) en nie "prente" van die gode nie. Dit is die rede vir die gebruik van verskillende metafore om dieselfde god en verskillende eienskappe van gode uit te druk. Eienskappe wat aan hulle toegeskryf word, kan 'n blik gee op die aard van die gode, maar soos ook in ander godsdienste, kan geen god alleen deur hierdie eienskappe verstaan word nie (Hornung 1996:117) en het hulle aard verborge gebly. Omdat elke beeld onvolkome en ontoereikend is om die god sigbaar te maak, sy aard te karakteriseer en hom van ander gode te onderskei en geen beeld die rykheid van die aard van die god kan weergee nie, is gebruik gemaak van 'n verskeidenheid simbole (Hornung 1996:124).

Simbole verteenwoordig per definisie iets anders as wat hulle werklik uitbeeld.

Om die antieke Egiptiese gode uit te beeld, is van verskillende simbole gebruik gemaak ; 'n menslike gedaante soos Amun en Ptah of dierlike gedaante, soos Anubis die jakkals/ hond, Bastet die kat of Sobek, die krokodil. Maar hulle kon ook in gekombineerde mens-dier beeld uitgedruk word soos Horus, wat meermale gesien is as die man met die kop van 'n arend of Sekhmet, die vrou met die kop van 'n leeu. 'n God kon ook deur meer as een dier vergestalt word, soos Thoth wat as ibis, aap of ibiskop-man uitgebeeld word. Daar is selfs 'n paar gode wat gestalte vind in 'n kombinasie van verskillende diere soos Tawaret wat 'n samestelling van seekoei, krokodil en leeu is. Hathor word uitgebeeld as slanke vrou met 'n hooftooisel wat bestaan uit 'n pruik en twee koeihorings wat 'n sonskyf omsluit. By die Hathor altaar van Deir el-Bahri word sy uitgebeeld as 'n koei aan wie se uier die koning drink. By dieselfde tempel is 'n uitbeelding van Hathor in die vorm van 'n koeikop met 'n mensgesig. Die ikonografie van Hathor gaan selfs verder as dit; sy word ook gesien as leeuwyfie, slang, seekoei en 'n boomnimf (Hornung 1996:110-111).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Simbole is dikwels ambivalent, en in een simbool kan verskillense betekenisse opgesluit lê wat mekaar dikwels weerspreek. Die krokodil kan byvoorbeeld nie alleen dood en verwoesting simboliseer nie, maar kan ook geassosieer word met lewe en regenerasie, omdat beide aspekte van die dier se aard is. Die krokodil is nie alleen bekend as gevreesde dier nie, maar lê ook elke oggend die oggendson en inwag en jag vis wat die mitologiese vyande van die songod was. Hierdie polariteit is kan van toepassing gemaak word op die antieke Egiptiese persepsie en uitbeelding van hul gode (Wilkinson 1994:8).

Op enkele uitsonderinge na manifesteer alle belangrike gode in meer as een vorm. Die jakkals/hond-gedaante van Anubis en die gemengde krokodil-, leeu- en seekoeibeeld van Thuris skyn redelik gevestigde uitbeeldinge van hierdie twee gode te wees, maar die res van die belangrike gode laat reg geskied aan die algemene epiteton *ryk in manifestasies* (Hornung 1996:125). Ander benaminge wat uit Kistekste verwys na hierdie manifestasies as die *gesigte* wat die gode tot hulle beskikking gehad het en die gode wat in die grootste variasie manifesteer het die benaming *veel-gesig* en *heer-van-gesigte* (Hornung 1996:126).

1.1.3 Name

In Antieke Egipte is 'n mens se naam beskou as integrerende deel van sy persoonlikheid. Om iemand se naam te ken, was om 'n sekere houvas op hom te hê; 'n vyand kon groot skade berokken word deur sy naam op 'n kleipot te skryf en die pot dan stukkend te gooi. Maar net so kon 'n geliefde of vriend se lewe na die dood verseker word deur sy naam op aarde te sê. Dieselfde dinamika het gegeld rondom die name van gode. Sodra 'n naam aan 'n god toegeken is, kon hy aanbid, geëer, gevrees en liefgehê word. Om die naam van die god toe te ken, het aan die mens 'n sekere houvas op die god en toegang tot die magte gegee wat hy verteenwoordig het. Om hierdie rede was dit nodig om die goddelike magte van die gode te beskerm deur dit nie alles openbaar te maak nie (Shafer 1991:28). So word in die mite van die songod Ra vertel hoedat die godin Isis op verskillende slinkse maniere poog om sy naam, wat die bron van sy mag is, uit te vind. Syself slaag daarin

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maar die leser van die verhaal vind nooit uit wat die naam is nie (Geddes & Grosset 2001:36).

1.1.4 Sinkretisme

Sinkretisme impliseer die totale opname van een god in 'n ander om 'n nuwe wese of hipostase te vorm. So bv. word Ptah met Tatenen, die ou aardgod van Memfis, geidentifiseer en lg. verdwyn as individu en bestaan slegs voort in die samevoeging, *Ptah-Tatenen* (Tobin 1989: 16). As na die antieke Egiptiese godedom gekyk word, word dit gou duidelik dat in verskillende gevalle samevoegings van die persoonlikhede, eienskappe, mites en name plaasgevind het maar dat die oorspronklike gode nie verdwyn nie. Samevoegings soos *Amun-Ra, Amun-Ra-Horakhtey* kom meermale voor in tekste en in die ikonografie. So 'n uitbeelding is 'n saamgestelde simbool eerder as 'n saamgestelde god (Tobin 1889: 15).

In Afdeling 2, wat oor die afsonderlike gode handel, sal in meer detail hierna verwys word.

1.1.5 Eienskappe

1.1.5.1 Oorsprong

Gode was individue met eienskappe wat

- algemeen van toepassing was op die meeste gode
- uniek was aan 'n spesifieke god.

Hornung (1996:143) identifiseer as *algemene karakteristieke* eienskappe die feit dat alle gode 'n begin en 'n einde in tyd het; hulle word gebore of geskape, hulle verander met tyd; m.a.w., hulle word oud en hulle sterf.

Gode is almal geskape deur 'n oerwese wat vir sy eie skepping verantwoordelik was. Hulle het soos mense elkeen 'n geboortedag en 'n persoonlike geskiedenis gehad. Hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verwekking en geboorte verskil egter van dié van mense deurdat dit gewoonlik as buitengewoon of as 'n wonderwerk beskryf is (Meeks & Meeks 1996:77).

Die bes gedokumenteerde narratief van goddelike geboorte en persoonlike geskiedenis is sekerlik dié van Horus. Hy word verwek deur sy vader Osiris, wat na sy dood op wonderbaarlike wyse hiertoe in staat gestel word deur Isis, wat in die vorm van 'n blouvalkie bo-oor die lyk van Osiris sweef. Reeds van voor sy geboorte af word Horus deur gode beskerm. Na sy geboorte word hy tussen die papirusriete in die vleie van die Deltastreek teen die bose aanslae van Seth beskerm deur die magiese kragte van sy moeder Isis en die versorgende bystand van Nekhbet en Wadjet. Wanneer hy groot word en die wêreld ingaan, voer hy 'n aanhoudende stryd teen Seth, die moordenaar van sy vader. Wanneer hy finaal daarin slaag om Seth te verslaan, volg sy uiteindelike triomf as hy seremonieel deur die gode van Heliopolis as regmatige erfgenaam en troonopvolger van sy vader bevestig word (Hornung 1996:144-45).

Nie alle gode se geboortes en lewens is so noukeurig verhaal nie, maar daar is verskillende sinspelings daarop dat gode gebore is. In die antieke Egiptiese ikonografie is daar ander kindergode of jong gode benewens Horus; die maangod Khons word met die *lok van jeugdigheid* uitgebeeld; die songod as *die kind op die blom*, en daar word verwys na Horus se eie kinders (Hornung 1996:144-45)

In die Heliopolitiese Ennead word verwys na Atum wat die eerste godepaar Shu en Tefnut skape. Op hulle beurt produseer hulle vir Geb en Nut wat op hulle beurt weer vir Osiris, Seth, Isis en Nephtys die lig laat sien. Benewens die begrip van mitologiese godinne wat ander gode *baar* is die titel van *moeder van die gode* aan verskillende godinne toegeken. So is in die Nuwe Koninkryk meermale in Kistekste na Nut verwys as *sy wat die gode gebaar het* . Die gode na wie in hierdie geval verwys is, was die hemelse liggame wat die Nut daagliks sou insluk en baar. Wanneer Neith *moeder van die gode* genoem word, word verwys na haar rol as moeder van Sobek en Ra net soos wat na Isis , as moeder van Horus, verwys word as *moeder van die god.* In die Nuwe Koninkryk kry

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Atum, Ptah en selfs Horus die titel *vader van die vaders van alle gode* en word ook na gode wat 'n essensiële rol in die skepping gehad het, verwys as *vader van die gode* (Hornung 1996:147).

Antieke Egiptenare het dus aanvaar dat die bestaan van elke god, met uitsondering van die skeppergod, hetsy deur geboorte of skepping, 'n begin gehad het uit 'n vader en 'n moeder.

Gode het ook binne 'n sekere meetbare tyd bestaan. In die Nuwe Koninkryk word Thoth beskryf as die god wat die *jare, maande, dae, ure en oomblikke bereken* en wat 'n vaste lewensduur nie alleen aan mense nie, maar ook aan gode uitmeet (Hornung 1996:155). Hierdie periode van tyd of lewensduur is egter nie te vergelyk met die lewensduur van mense nie. Osiris is bv. op die twaalfde dag van die eerste maand van die jaar gebore en teen die sestiende dag was hy reeds 'n adolessent. Teen die sewentiende dag van dieselfde maand is hy vermoor met die enigste herinneringe aan sy kinderdae die verlies van 'n melktand. *Elke menslike dag was, hoogstens, 'n verbygaande moment* (Meeks & Meeks 1996:79).

Normaalweg is gode nie geaffekteer deur ouderdom nie. Wanneer wel na 'n god of godin as oud verwys is, was ouderdom 'n aspek van hul karakter bv. wanneer na Isis as oud verwys word, is dit om klem te lê op haar wysheid soos ook in die geval van haar suster Nephtys en die drie ou vroue van Cusae in Hathor se gevolg (Shafer 1991:29).

Vanaf Dinastie IX word in religieuse tekste na Ra verwys as 'n ou man wat elke dag met sonsondergang simbolies sterf, in kontras met die beeld van die nuutgebore kind aan die begin van elke dag (Hornung 1982:152). In die laat Koninkryk word Ra uitgebeeld as 'n ou man wat leunend op 'n stok die einde van die op sy bark of op die sonskyf dag tegemoetgaan. Maar behalwe hierdie uitbeeldinge is die songod Ra in die Amarna Periode in *Die Boek van die Goddelike Koei* beskryf as 'n moeë, ou man wie se toestand

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n bose mensdom tot opstand beweeg het (Hornung 1982:153). Ook in die mitiese verhaal van Isis en Ra word die verouderde en verswakte Ra as 'n ou man met kwylende mond uitgebeeld.

Sommige tekste beweer dat gode wel net 'n beperkte lewensduur gehad het (Hornung 1996:152) en verskeie tekste en voorstellings sinspeel op die dood van Osiris, maar die gebeurtenis word veral nie gedurende die faroniese tyd beskryf nie, ook omdat vir die antieke Egiptenaar 'n gebeurtenis wat so in woorde of beeld omgesit word, vasgelê word in die ewigheid. Dus is daar in die kistekste geen verwysing na Osiris se dood nie maar word daar herhaaldelik na sy opstanding verwys (Hornung 1982:152). Hierdie versigtigheid word selfs deur die geskiedskrywer Herodotus eerbiedig in 'n verwysing na Osiris in die beskrywing van die balsemingsproses: *Die deeglikste balseming, sê hulle, is gedoen aan iemand wie se naam ek dit as 'n sonde beskou om in so 'n verband te noem...* (Van Rensburg 1994:106).

In Egiptiese bronne is dit juis Osiris se dood wat simboliese betekenis het. Sy dood was sy ware lewe; deur te sterf word hy 'n lewende god, maar ook *'n God verhewe bo die gode...meer as die gode* (Meeks & Meeks 1996: 31). Gode het dus gesterf maar hulle was nie dood nie. Hulle lewe eindig nie in die dood nie maar gaan oor in herhalende vernuwing. Dit wil voorkom of reeds van baie vroeg in die antieke Egiptiese godsdiens slegs diegene wat die oordeel na die dood nie geslaag het nie, of vyandige en bose magte, verdoem is tot die dood. Verskillende tekste en grafiese voorstellings van die Nuwe Koninkryk af aan, verbeeld die gedagte dat die ware betekenis van dood in herskepping en wedergeboorte lê. In Piramideteks 1975 b word hierdie gedagte kernagtig saamgevat; *Jy slaap sodat jy kan wakker word; jy sterf sodat jy kan lewe* en word verwys na die dooie wat *'n klein jong kindjie met sy vinger in sy mond* word. In Kisteks 1,88b word die afgestorwene beskryf as *'n nuutgemaakte god wat deur die perfekte Weste* (die doderyk) *gebaar is* (Meeks & Meeks 1996: 31).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tog was gode blykbaar onverwoesbaar en kon hulle nie eers deur ander gode vernietig word nie. Seth is 'n voorbeeld van hoe 'n god wat keer op keer verslaan word, weer ongeskonde terugkeer. Hy word bv. na sy stryd met Horus soos 'n gewone lyk behoorlik gemummifiseer. Maar nie te lank daarna nie, keer hy in volle beheer van al sy kragte terug om weer met sy stryd voort te gaan. Hierna word hy weer verslaan en in stukke gekap, maar ook dit is nie genoeg 'n einde aan hom te maak nie.

Ook mutilasie van die goddelike liggaam was nie permanent nie. Wanneer Horus deur Seth onteer word en Horus Isis se raad volg en Seth se semen in sy hande opvang, kap Isis Horus se hande af en gooi dit in die rivier waar dit 'n lewe van hul eie kry in die vorm van inkarnasies van twee seuns van Horus. Hierna word Horus nooit sonder hande uitgebeeld nie; hy was net sonder die twee wat afgekap was. In 'n ander mite word vertel van hoe Horus per ongeluk deur sy moeder verwond is. In 'n oomblik van woede kap hy haar kop af en maak hom uit die voete. Seth kry vir Horus, wat onder 'n boom lê en slaap en ruk sy oë uit en begrawe hulle as straf vir sy bose daad. Hathor herstel weer Horus se oë en sig deur die toediening van 'n paar druppels bokmelk, en Isis se probleem word deur Thoth opgelos wanneer hy haar kop deur dié van 'n koei vervang.

1.1.5.2 Menslike aard van gode

Ongeag die beeld waarin gestalte gegee is aan die gode, het hulle almal hoofsaaklik menslike gedrag en gewoontes openbaar; hulle het gedink, gepraat, geëet en gedrink (sommiges onder hulle soos Hathor selfs te veel!) en hulle het emosies gehad.

1.1.5.2.1 Eetgewoontes

Daar was by die gode baie selde 'n gebrek aan kos. Hulle het wel dors en honger geken as gevolg van siekte of as hulle te ver in onherbergsame en vyandige plekke afgedwaal het soos die jong Horus wat in die afwesigheid van Isis nie gevoed is nie en toe so verswak het dat hy nie eers kon huil nie. Gode het gewone kos geëet soos mense, maar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ook ander dinge ingeneem om hulle goddelike liggame te voed. So het sekere edelgesteentes en goddelike liggaamsuitskeidings ook deel uitgemaak van die goddelike dieet (Meeks & Meeks 1996: 66).

As gekyk word na afbeeldinge van rojale voedseloffers aan die gode (wat in die werklike lewe deur die priester geëet is), kan die afleiding gemaak word dat die antieke Egiptiese gode baie geëet en gedrink het. Tog word die gode uitgebeeld as matige eters wat brood bo vleis en water bo bier verkies het. Verder het die smaak van lewende gode en die gode van die lewe na die dood verskil. Lewende gode was bv. baie lief vir heuning waarvan die soetheid geassosieer is met Ma'at terwyl die gode van die doderyk heuning bitter gevind het.

Gode wat vleis van menslike en goddelike vyande geët het, is met agterdog bejeën en gevrees. Van Montu is gesê sy *brood is harte en sy water is bloed.* Eweneens is drankmisbruik in 'n negatiewe lig gesien maar eg menslik het dit nie al die gode van drankmisbruik weerhou nie. As Seth bv. die dag besluit het om aan die drink te gaan, kon niemand of niks hom stop nie. Ook Hathor was baie lief vir haar drank en mense het blykbaar gevind dat die gebruik van een of ander bedwelmende middel kommunikasie met hierdie godin vergemaklik. Horus sou self gedurende sy veldtogte veel baat gevind het by 'n drankie wat bestaan het uit water waarby druiwesap gevoeg is. Dit sou dors les sonder dat dit'n mens dronk maak, pynverdowend wees en ook waagmoed in 'n veldslag waarborg (Meeks & Meeks 1996: 65).

1.1.5.2.2 Geslagtelikheid

Antieke Egiptiese gode is as of manlik of vroulik uitgebeeld. Tweeslagtigheid het nie algemeen voorgekom nie. Die skeppergod, *die een wat baie geword het*, was van nature tweeslagtig vir sover dit gegaan het om die voortbring van ander gode (Assman 2002:220). So word in 'n Thebaanse teks verwys na Amun as *Vader en moeder van*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

diegene wat wat hom in sy hart plaas, maar wat wegdraai van diegene wat argeloos verby sy stad loop en by Amarna word na Amun verwys as *moeder en vader.*

U is moeder en vader van die wie se oë u geskep het;

as u verrys, sien hulle deur u.
(Assman 2002:220)
Tog het hierdie tweeslagtigheid net sover gestrek as die vermoë om nie alleen lewe te verwek nie maar ook om geboorte te skenk. Die skeppergod manifesteer in tallose uitbeeldinge en tekste en in verhouding tot ander gode in manlike vorm.

Die seksgewoontes van die gode is sterk beïnvloed deur die feit dat hulle almal van een voorouer, die skeppergod afgestam het en dus almal op een of ander manier aan mekaar verbind was deur bloedbande. Die skeppergod wat op sy eie vader en moeder vir die eerste gode moes wees, het lewe gegee aan die eerste broer- en susterpaar wat op hulle beurt weer opmekaar aangewys was vir voortplanting. Gode het pare gevorm soos Shu en Tefnut, Geb en Nut, Osiris en Isis en Seth en Nephtys.

Soos die godedom gegroei het, het ook die versoekinge toegeneem. Net soos egte mense kon die gode die versoekinge van die vlees moeilik weerstaan. Hoewel'n vorm van veelwywery aanvaar is, is daar nêrens aanduidings dat veelmannery aanvaar is nie. So bv. het Seth benewens sy wettige vrou Nephtys, ook nog vir hom Anat en Astarte laat welgeval en Horus het benewens Hathor nog sewe ander vroue gehad. Seksuele verhoudinge binne hierdie groep van wettige vrou en bywywe is as heeltemal wettig beskou. Enige verhouding buite die groep is gesien as owerspel. Nie dat owespel in 'n te ernstige lig beskou is nie. As Nephtys bv. 'n paar oomblikke van swakheid met Osiris beleef, word sy gou weer deur haar suster Isis, Osiris se vrou, vergewe.

In mites word die seksualiteit van die gode op velerlei wyses eksplisiet ingespan.

Verkragting was nie onbekend nie; Geb en Horus het beide hulle moeders verkrag terwyl Seth hom ook aan verkragting skuldig gemaak het en alhoewel hierdie verkragtings

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gesien moet word as *kreatiewe oortredinge* (Meeks & Meeks 1996: 67) waardeur sekere basiese kenmerke van die wêreld verklaar word, soos die legitimering van koninklike gesag en die geboorte van die son, was die verkragtings nog steeds 'n baie menslike optrede deur die gode. In die stryd tussen Seth en Horus word meermale gewys op homoseksuele neigings by Seth wat hy inspan om die oorhand oor Horus te kry terwyl moeder Isis geen probleem daarmee ondervind om mee te doen in hierdie "semengeveg" tussen Horus en Seth wat volg nie.

1.1.5.2.3 Liggaamlikheid

'n God se liggaam het in alle opsigte fisiologies soos 'n menseliggaam gefunksioneer. Die gode was sterflik, blootgestel aan siekte en pyn en die dood. Gode se bloed was rooi, hulle het trane gehuil en gesweet.*The life of the gods -- a turbulent one, all things considered -- was not lacking in opportunities for weeping, perspiring, or bleeding* (Meeks & Meeks 1996:70). Hulle liggame het dus soos dié van mense gefunksioneer met al die gepaardgaande afskeidings en uitskeidings. Maar, alles wat van 'n goddelike liggaam af gekom het was produktief. 'n Voorbeeld hiervan word gevind in die volgende beskrywing van die gode se smart by die afsterwe van Osiris:

Horus het geween. Die water het van sy oë op die grond gevloei; dit het ontkiem en droë wierookhars is geskep. Geb was verslae hierdeur(die dood van Osiris) ; bloed uit sy neus het op die die grond geval; dit het ontkiem, en dennebome het daaruit gegroei. Dit is hoe harpuis geproduseer is van sy lewensvog. Shu en Tefnut het uitermatig gehuil; die water van hul oë het op die grond geval; dit het ontkiem; dit is hoedat die terpentynboom gevorm is. Ra het weer geween. Die water van sy oë het op die grond geval. Dit het verander in 'n by. Direk nadat die by geskape is, het sy bedrywigheid onder die blomme en bome begin. Dus is was geproduseer, terwyl heuning afkomstig is van die water van die was . Ra was moeg; die sweet van sy liggaam het op die aarde geval en uitgespruit as vlas; dit is hoedat linne geproduseer is..... Hy het gespoeg, hy het opgegooi; dit is hoe aardpik geproduseer is (Meeks & Meeks 1996:70).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vanweë hierdie menslike liggaamlikheid was die gode se lewe nie sonder gevare en probleme. Nie alleen het hulle vrees en hartseer geken nie, maar hulle is ook gedurig blootgestel aan gevare en bedreiginge en moes ook maar gedurig rekening hou met gevaarlike slange en giftige skerpioene. Selfs Ra was nie immuun hierteen nie en het by 'n geleentheid 'n floute gekry nadat hy op 'n giftige skerpioen getrap het. Gode is ook nie van siektes gespaar nie, en oogsiektes was blykbaar net so algemeen onder die gode as onder die gewone Antieke Egiptenare (Meeks & Meeks 1996:79).

Horus is 'n voorbeeld van presies hoe vol besoekinge die lewe van 'n antieke Egiptiese god kon wees. Nie alleen was hy vanaf geboorte op vlug voor die bose aanslae van sy oom Seth nie, maar ook was daar weinig siektes waaraan hy ontkom het. Terwyl hulle in die papirus in die Deltastreek teen Seth geskuil het, moes sy moeder Isis hom meermale alleen in die skuiling laat. Dit was 'n ope uitnodiging vir 'n giftige skerpioen om hierdie swak en sieklike kind te steek. So siek het hy van die skerpioengif geword dat hy hoë koors gehad het, hy die grond met trane en kwyl bedek het, sy liggaam so verswak het dat sy hart uitgeput geraak het en die bloed in sy are tot stilstand gekom het. Hierbenewens het hy ook op 'n keer las gehad van haakwurms. Waar die meeste kinders niks erger oorkom as om aan moederbors 'n wind te sluk nie, het Horus op 'n keer saam met moedersmelk 'n demoon ingesluk (Meeks & Meeks 1996:73).

1.1.5.2.4 Menslike instellings

Daar word meermale in mites verwys na vergaderinge wat deur gode gehou is en na hofsittings wat op eg menslike wyse plaasgevind het. Benewens sy baie ander pligte was Thoth verantwoordelik vir die bymekaarroep van so 'n vergadering van gode waar debatte gevoer en besluite geneem is. Op so 'n vergadering is die skeppergod oorreed om af te sien van sy plan om die mensdom te vernietig vanweë hulle wederstrewigheid. Die bekendste hofsaak van die antieke Egiptiese gode is sekerlik die saak van Isis en Horus versus Seth waarin die gode moes uitspraak lewer oor wie die regmatige troonopvolger van Osiris sal wees (Meeks & Meeks 1996:41).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op eg menslike wyse kon die gode nie alles alleen doen nie. Hulle het naamlose huishulpe gehad wat na die gode se daaglikse behoeftes omgesien het. 'n Ander groep wat beter georganiseer was, is deur die gode as lyfwagte gebruik maar is ook ingespan om hulle eie mag teenoor mense en ander gode te bewys en om hulle wense uit te voer. Hulle is gewoonlik bewapen met 'n tipe pyl en boog en met lang messe. Die bekendste groep was die sewe bystanders van die gevaarlike godin (gewoonlik Sakhmet). Hulle was alomteenwoordig en vinnig, en geen spies of pyl wat hulle afgeskiet het, het ooit 'n teiken gemis nie (Meeks & Meeks 1996: 47).

Maar hulle kon ook vir vreedsamer doeleindes aangewend word. Osiris het hulle gebruik om nuus uit die hiernamaals aan die wêreld te stuur, en wanneer Horus se magiese kragte van tyd tot tyd van hom afgedwaal het, is sy diensknegte is gestuur om dit weer te gaan opspoor en aan hulle meester te besorg.

Die aard van die Antieke Egiptiese gode en godinne, ongeag die vorme waarin hulle uitgedruk is, was onteenseglik menslik en dit was hierdie menslikheid wat hulle aanvaarbaar en toeganklik vir die begrip van die gewone mens gemaak het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.2 Kosmogonie (Skeppingsleer)

Die Egiptenare het verskillende kosmologieë gehad wat soms in konflik teenoor mekaar gestaan het. Elke hoofgodsdienssentrum het 'n eie weergawe van die skepping gehad met 'n skeppergod met gode en godinne wat met hom geassosieer is. Alhoewel die Egptiese godsdiens basies konserwatief was, was die gode en hul posisies nie staties nie maar gedurig *onder konstruksie* (Hornung 1982:256). Daar kan aanvaar word dat die Antieke Egiptenare bewus was van die botsende weergawes van die skeppingsmite maar dat dit nie 'n probleem geskep het nie. Van tyd tot tyd is kosmogoniese en die kosmologiese materiaal wat in besit was van die kultusse saamgevoeg, verwerk, ineengeweef. Lesko (1991:90) meen dat hierdie mense geweet het presies waarmee hulle besig was; *Their task was philosophical and theological. Their mode of expression was mythological.* In Afdeling 3, waar in groter detail aandag gegee sal word aan verskillende gode, sal aangetoon word hoedat aan die hand van kultuspriesters die mites en die rol van verskillende telkens aangepas is om aan verskillende behoeftes te voldoen.

1.2.1 Skepping en herskepping

Die Egiptiese uitdrukking *sep tepi* (die eerste keer) wat in verband met die skepping gebruik word, dui daarop dat die skepping nie as 'n enkele daad gesien is nie maar as 'n herhalende proses. Hieruit volg die geloof dat die wêreld herhaaldelik so volmaak en nuut kan word as in die tyd van sy oorsprong. Hierdie siening is een van die sleutels tot die Egiptiese kultuur en loop soos 'n draad deur grafiese en rituele kultuuruitinge reg deur die antieke Egiptiese geskiedenis. Vir die antieke Egiptenaar word die skepping elke dag met die opkoms van die son herhaal. Elke dag gee die nuwe sonlig vorm en vernuwing aan die wêreld (Hornung 1992: 40).

Die vernuwing van die skepping is ook in langer siklusse met die farao's verbind. Daar is aanvaar dat'n nuwe skepping met elke nuwe farao begin het. Om hierdie behoefte aan 'n nuwe begin te bevredig, het die farao's herhaaldelike regenerasiefeeste gehou, waar die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ou farao in die vorm van 'n beeld begrawe is. Tydens die daaropvolgende *sed*-fees is aan die farao weer nuwe jeugdigheid en krag gegee het om *die wêreld te dra en die hemel te stut* (Hornung 1992:53).

1.2.2 Skeppingsmites

Hornung (1992: 40) beklemtoon die rol van skeppingsmites in elke kultuur. Hy beweer dat die beeld van 'n volmaakte begin van die heelal en die mens dit moontlik maak om telkens weer in 'n gebroke wêreld te streef na die volmaaktheid van die begin. Volgens antieke Egiptiese tradisie het koning Menes van Bo-Egipte aan die begin van die geskiedenis van Egipte Benede-Egipte oorwin en die twee dele verenig om Egipte te vorm. Hy sou 'n nuwe hoofstad by Memfis oprig, en hier 'n tempel bou vir Ptah, die skeppergod van Memfis. Volgens Lesko (1991:90-93) staan bykans alle antieke Egiptiese mitologie op een of ander manier in verband met hierdie weergawe van die ontstaan van Egipte. Bestaande mites is ingespan en aangepas om hierdie gebeure te verklaar of te bevestig en nuwe mites is met dieselfde doel geskep.

Hoewel daar nie van die Egiptiese skeppingsmites so 'n goed opgetekende verslag is soos in Genesis 1 of die Babiloniese Enoema Elisj nie, is daar van die vierde eeu vC af in tempeltekste tog samehangende beskrywings van die Egiptiese kosmologie.

Die besef dat die skepping nie in een enkele daad vasgevat kan word nie het dit nodig gemaak om steeds nuwe maniere en simbole te vind om dit *wat onuitdrukbaar is uit te druk* (Hornung, 1992:40). Uit die antieke Egiptiese nalatenskap het daar verskillende weergawes van skeppingsmites behoue gebly. In een weergawe gebruik die skepper sy saad, in 'n ander woorde, en in 'n ander sy hande om te skep. Hierdie mites kan verbind word aan verskillende kultussentrums, nl. Heliopolis, Hermopolis en Memfis.

1.2.2.1 Die Heliopolis kosmologie

Die Heliopolis kosmologie was die wydste verspreid en is die algemeenste aanvaar. Verskillende weergawes van die Heliopolis skeppingsmite kan saamgestel word uit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teksverwysings uit verskillende periodes. Almal begin met Atum (die *Al* of die *Volkome Een*), die oorspronklike god van Heliopolis. Hy het uit die water van die oereiland gekom, vir Shu, god van lug, uitgespoeg en vir Tefnut, die godin van vog, uitgevomeer. Hulle verenig en bring die aardgod Geb en Nut, die god van die lugruim, voort. Uit hulle vereniging ontstaan die nie-kosmiese gode Osiris, Isis, Seth en Nephtys, en met die toename in getalle neem ook die moontlikheid van konflik toe.

Die konflik fokus op die twee broers, Osiris en Seth. Nadat Seth vir Osiris verslaan en in stukke gekap het, word hierdie stukke op verskillende plekke in Egipte gestrooi. Isis, getroue suster-vrou van Osiris, versamel weer hierdie stukke en Osiris word lank genoeg en in so'n mate tot die lewe teruggebring dat hy 'n kind, Horus, by haar kan verwek. Die stryd tussen Horus en Seth wat volg, word metafoor vir vele ander konflikte waarvan die stryd tyssen goed en kwaad seker die vanselfsprekendste is. Maar dit dui ook o.a. op die konflik in die natuur; die vrugbare Nylvallei (*Kemet, die swart land*) en die onvrugbare woestyn (*Desjnet, die Rooi Land*) of die welkome en voordelige Nyloorstroming (Osiris) teenoor die onwelkome en gevreesde storm (Seth). In 'n later stadium word dit gebruik om die stryd om die heerskappy van die land tussen die konings van die Noorde en die konings van die Suide uit te beeld (Lesko 1991:93).

Horus verteenwoordig die lewende, regerende koning en die konings van Egipte word reeds van vroeg af Horus genoem (Lesko 1991:93) Die Heliopolis Ennead kan dus gesien word as 'n geslagsregister van die koning. Aangesien Atum die hoofgod was van Heliopolis, 'n stad digby die nuwe hoofstad Memfis, moes daar 'n verklaring voor gevind word dat konings van die suide as afstammelinge van hierdie noordelike god beskou kon word. Hiervoor is die integrasie en harmonisasie van mites ingespan. Die koning het ook die titel van die Twee Dames, Nekbet en Wadjit, onderskeidelik die godinne van die vroeë predinastieke hoofstede Hierakonpolis in die noorde en Boeto in die suide, aangeneem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Vroeë verwysing na hierdie Enead word gevind in Piramideteks Uitdrukking 600 (Shafer 1991:92).

> *Atum Kheprer, jy het hoog op die heuwel begin bestaan, jy het op die Benben steen in die huis van Benben in Heliopolis verrys, jy het Shu uigespu, jy het Tefnut uitgespu, en jy het jou arms rondom hulle gesit soos die arms van 'n ka-simbool, sodat jou ka (persoonlikheid) in hulle mag wees. O Atum, plaas jou arms om die koning, rondom sy gebou, rondom sy piramide soos die arms van 'n ka, sodat die koning se ka daarin kan wees, stewig vir altyd en altyd. O Atum, plaas jou beskerming oor hierdie koning, oor hierdie piramide van hom, oor hierdie gebou van die koning, sodat jy kan waak daarteen dat iets boos met kom kan gebeur, vir ewig en ewig, net soos jou beskerming geplaas is oor Shu en Tefnut.*
>
> *O groot Ennead wat in Heliopolis is -- Atum, Shu, Tefnut, Geb, Nut, Osiris, Isis, Seth, Nephtys -- kinders van Atum, laat sy hart uitgaan na sy kind in jou naam van Nege Boë. Laat sy rug weggedraai wees van jou in die rigting van Atum, sodat hy die koning kan beskerm, sodat hy hierdie piramide van die koning kan beskerm, sodat hy hierdie gebou van hom teen al die gode en al die dooies kan beskerm, sodat hy kan waak daarteen dat enigiets boos met hom kan gebeur vir ewig en ewig.*

1.2.2.2 Die kultus van Hermopolis

'n Tweede hoof-skeppingsmite het in Middel-Egipte by Hermopolis, die stad van Thoth, god van wysheid en die maan, ontstaan. In hierdie mite is die skepping verklaar as die voortbring van die songod deur vier pare manlike en vroulike oerkragte. Hoewel die name van hierdie gode nie konsekwent aangedui word in vroeë tekste nie, word in latere tekste algemeen die volgende ekwivalente gebruik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Amun en Amaunet was verborgenheid, Huh en Hauhet was vormloosheid, Kuk en Kauket was duisternis en Nun en Naunet was die bodemlose poel. Uit hierdie agt gode het 'n eier voortgekom waaruit die skeppergod gekom het voordat hy alle ander gode, mense, diere en plante op die aarde en in die waters onder die aarde geskape het. Oorspronklik kon Thoth die skeppergod wees, maar uit Heliopolitiese tekste word dit duidelik dat Atum gou en maklik hierdie rol oorgeneem het (Lesko 1991:95).

In Kisteks Spreuk 76 (Shafer 1991:94) word die vier name van die Ogdoad genoem en word daar ook 'n verband gelê tussen die Ogdoad en die Ennead.

O julle agt Heh gode, bewakers van die kamers van die hemelruim, vir wie Shu gemaak het uit die uitvloeisel van sy ledemate, wat die leer van Atum saamgebind het, verskyn saam met my voor julle vader, gee my julle arms. Bind vir my die leer saam; ek is die een wat julle geskape het en julle gemaak het soos ek deur julle vader Atum gemaak is.

Ek is vermoei van die steun van Shu omdat ek my dogter Nut opgelig het, sodat ek haar in die nabyheid van my vader Atum kon bring. Ek het Geb onder my voete geplaas. Hierdie god bind die twee lande saam vir my vader Atum; hy het vir homself die Groot Vloed saamgestel. Ek het myself tussen hulle geplaas sodat die Ennead my nie kon sien nie. Ek is Shu, vir wie Atum geskape het, van wie Ra afkomstig is. Ek is nie gevorm in 'n moederskoot nie, ek is nie saamgebing in 'n eier nie, ek is nie verwek nie, maar my vader Atum het my uitgespu met die speeksel van sy mond, saam met my suster Tefnut. Sy het tot stand gekom na my. Ek was bedek met die asem van die keel.

Die feniks van Ra was dit vanwaar Atum gekom het om te wees as Heh (Chaos), Nun (bodemlose poel), Kek (duisternis), en Tenem (somberheid/duisternis). Ek is Shu, vader van die gode; Atum het gewoonlik sy Oog gestuur om my en my suster te soek. Ek het lig vir haar gemaak vanweë die duisternis, en sy het my gevind as man van miljoene (Heh).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ek is die een wat weer die Heh gode gebaar het as Heh, Nun, Tenem, Kek. Ek is Shu wat die gode gebaar het.

O julle agt Heh gode, vir wie ek uit die uitvloeisel van my vlees gemaak het, wie se name Atum gemaak het, toe die mdw (waarde) van Nun geskape is, op daardie dag toe Atum in Nun, Heh, Tenem en Kek gespreek het.

1.2.2.3 Die skeppingsverhaal van Memfis

Baie min inligting oor die skeppingsverhaal van Memfis het behoue gebly. Wat beskikbaar is, is 'n baie laat en beskadigde inskripsie wat waarskynlik ongeveer 710 vC in die tyd van Koning Shabaka van 'n wurmgevrete teks afgeskryf is. (Lesko 1991: 95)

Toe het Sy Majesteit hierdie geskrif opnuut gekopieer in die huis van sy vader Ptah, Hy wat suid is van sy muur. Sy Majesteit het dit gevind soos sy voorouers dit gemaak het maar wat wurm-gevreet was. Dit was onbekend van begin tot einde. Toe het Sy Majesteit dit opnuut gekopieer, sodat dit beter was as sy vorige staat....

Die gode wat tot bestaan gekom het as Ptah:

Ptah op die Groot Troon

Ptah-Nun, die vader wat Atum voortgebring het...

Ptah-Naunet, die moeder wat Atum gebaar het

Ptah, die Grote, wat die hart en die tong van die Ennead is...

Daar het onstaan uit die hart en daar het ontstaan uit die tong (iets) in die vorm van Atum. Die magtige Groot Een is Ptah, wat gemaak het dat al die gode (lewe), so ook hulle ka 's , deur hierdie hart deur wie Horus Ptah geword het, en deur hierdie tong deur wie Thoth Ptah geword het...

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie Ennead is voor hom as tande en lippe, dit is, die saad en hande van Atum. Die Ennead van Atum het tot stand gekom deur sy saad en vingers, maar die Ennead (van Ptah), is die tande en die lippe van sy mond, wat die name van alles uitgespreek het, en van wie Shu en Tefnut voortgekom het, die modelleerder van die Ennead ……

Dus is al die gode gebore en die Ennead was voltooid. Elke woord van die god (?) het ontstaan deur wat die hart bedink en die tong beveel het.

Die teologie van Memfis maak dus daarop aanspraak dat die hoofgod Ptah eers die skepping van die heelal in sy hart sou bedink en dit toe met sy tong tot stand sou bring. Deur sy verbintenis met Naunet is haar seun Atum, die hoofgod van die Heliopolis Ennead, in die lewe gebring.

Ptah is nie die enigste god wat deur taal sou geskep het nie. Hornung (1992: 44) wys daarop dat die songod volgens die Piramidetekste gebruik gemaak het van drie kreatiewe kragte: beplanning en insig (*Sia*), kreatiewe stelling (*Hu*) en magtige towerkrag (*Heka*). Hierdie drie vergesel die songod op sy nagtelike reis deur die onderwêreld en stel hom weer telkens tot hernude skepping instaat. Ander bronne wil dit hê dat die godin Neith die wêreld geskep het deur sewe stellings wat in latere magiese tekste die sewevoudige lag van die skeppergod genoem word.

Dit is feitlik onmoontlik om al die skeppergode volgens tyd of geografie te klassifiseer. Binne hierdie baie komplekse sisteem is geen skepper en skeppingsdaad vasgestel nie, maar tog is daar 'n paar ooreenkomste in die verskillende *weergawes*. Wat ook al die skepper se individuele aard is, dit is altyd 'n god wat uit homself ontstaan (*kheper djesef*). Dit gaan geslagtelike onderskeid vooraf; dit is man en vrou; pa en ma (Hornung 1994: 45).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.3 Die Antieke Egiptiese panteon

Vanweë die dinamiese aard van die Egiptiese godsdiens en die veeldimensionele aard van die gode is dit feitlik onmoontlik om Antieke Egiptiese gode binne 'n gestruktureerde raamwerk te plaas. Tog kan hierdie gode op grond van sekere eienskappe en funksies binne sekere groeperinge geplaas word.

1.3.1 Omgewingsassosiasie

Heelparty Antieke Egiptiese gode is geassosieer met die elemente van die Antieke Egiptiese ongewing en van hulle is ook geassosieer met kosmiese funksies. Elk van die skeppingmites het die reeds bestaande gode en godinne van die plek waar die skepping sou plaasvind, geïnkorporeer. So word in die skeppingsmites van Memfis, Heliopolis en Hermopolis telkens 'n ander skeppergod genoem. Sommige van hierdie gode wat in die skeppingsmites voorkom, soos Amun en Ptah, ontwikkel verder tot gode van nasionale belang terwyl ander, soos Amaunet en Kauket, nie buite hul groep bekend raak nie en ook nie verder ontwikkel word nie (Shafer 1991:34).

Verskillende gode is geassosieer met lug: Amun en Amunet, Shu en Tefnet en ook Nun en Naunet. Die hemelruim en die aarde wat so basies vir die Antieke Egiptenare was is met verskeie gode en godinne geassosieer waarvan Hathor, Bat en Horus maar 'n paar is terwyl Osiris, Aker en Ptah-Tattenen onder die aardgode getel het. Hoewel die Nyl self nooit vergoddelik is nie, is die Nyloorstroming in die god Hapi vergestalt en het sekere dele van die Nyl wel beskermgode of godinne gehad. Storms en chaos is toegeskryf aan die werk van die bose Seth terwyl Ma'at as sy positiewe teenpool gesorg het vir orde en harmonie (Shafer 1991:34).

Waarskynlik die bekendste songod was Ra, en hy is meermale met ander gode geamalgameer om nuwe gode soos Ra-Horakthy of Re-Atum te vorm. Die son het ook

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verskillende sigbare manifestasies gehad soos bv. Khepri. Die sonskyf, die *aten*, is as 'n duidelike identiteit gesien en is vir 'n kort periode in die veertiende eeu vC as god aanbid toe dit deur Akhenaten tot enigste god verklaar is.

Ook die maan is met verskillende goddelikes soos Thoth en Khonsu geassosieer terwyl gode soos Osiris, Min, Shu en Khnum ook somtyds met die maan in verband gebring is.

Hoewel die woestyn 'n belangrike plek in die alledaage lewe van die Antieke Egiptenaar ingeneem het, is dit nooit tot kultusstatus verhef nie. Tog het sekere goddelikes soos Ash en Onuris wel bande met die woestyn gehad terwyl Seth in verband gebring is met verskeie aspekte van die woestynomgewing.

Berge in die omgewing van die Thebaanse dodeakker is vereer in die vorm van die slang Meretseger en sommige bome is in verband gebring met gode so belangrik as Hathor.

Each of these environmental elements was in some way a reference point for the concept embodied by the deity and was intended to reflect a characteristic or trait of the god. (Shafer 1991:38).

1.3.2 Plaaslike en nasionale gode

Antieke Egipte is saamgestel uit verskillende areas wat elkeen 'n eie tradisie en eie gewoontes gehad het. Gedurende die vroeë faraoniese tyd is hierdie areas georganiseer in administratiewe eenhede. Hierdie eenhede is *nomes* genoem en teen die helfte van die Ou Koninkryk was daar twee-en-twintig gevestig in Bo Egipte. Heelwat later is die twintig nomes van Benede Egipte gevestig. Elk van hierdie nomes het hul gode gehad met wie hulle hul vereenselwig het en wat dikwels geassosieer kon word met die bepaalde fisiese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omgewing en wat in plaaslike kultustempels aanbid is. Die term *Njwty* vir *plaaslike god* is afgelei van *niwt* vir *stad* (Shafer 1991:38).

Van tyd tot tyd het van die plaaslike gode ontwikkel tot nasionale gode, soos die prominensie en politieke mag van die nome toegeneem het. 'n Voorbeeld hiervan is Montu wat teen die einde van die Ou Koninkryk in die Thebaanse noom aanbid is en gedurende die Elfde Dinastie tot Nasionale god verhef is, totdat hy deur nog 'n plaaslike god, Amun, van die troon gestoot is. Op sy beurt vervaag die aansien van Amun wanneer hy met Ra, wie se kultussentrum vroeër Heliopolis was, saamsmelt om as Amun-Ra bekend te staan (Shafer 1991:40).

Sekere gode het 'n sterk plaaslike kultiese assosiasie gehad maar het ook op nasionale vlak 'n belangrike rol gespeel, soos Thoth van Hermopolis, die god geassosieer met skrif, en sy metgesel Sesjat wat op tempelmure regdeur Antieke Egipte uitgebeeld is, en Bastet van die oostelike Deltastreek, wat as geliefde godin regdeur die land bekendheid verwerf het.

1.3.3 Begrafnisgode

Reeds in die predinastieke tyd het die Antieke Egiptenare baie sorgsaam voorbereidings getref vir begrafnisse. Die afleiding kan dus gemaak word dat godsdienstige gebruike rondom die dood reeds vanaf 'n baie vroeë periode in Antieke Egipte bestaan het en dat sekere gode reeds van vroeg af met die dood geassosieer is. Sommige van hierdie gode het hul posisie as gode van die dood en die doderyk behou maar ander is ook op ander terreine vereer. So bv. was Anubis eers die heerser oor die doderyk maar moes hy hierdie posisie afstaan aan Osiris, terwyl die verantwoordelikheid van rituele en balseming aan hom opgedra is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verskeie ander gode kry ook aandeel in die godedom van die doderyk: Imseti, Duamutef, Hapi en Kebehsenuef, die vier seuns van Horus, wat as bewakers oor die longe, lewer, hart en maag van die afgestorwene die seremonie van die oordeel moes bywoon. Hierdie taak is ook vervul deur vier godinne: Isis, Nephtys, Selket en Neith wat klein rolletjies vertolk in die doderyk terwyl hulle op ander terreine meer prominent was.

Die onderwêreld is verpersoonlik deur Aker (Shafer 1991:51) en bewoon deur en verskeie mindere gode in mens en dierevorm. Sommige van hierdie gode was daar om die mens deur die onderwêreld te lei terwyl ander daar was om hierdie reis te bemoeilik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.4 Enkele van die bekendste Egiptiese gode

Wanneer na die individuele Egiptiese gode gekyk word, moet in gedagte gehou word dat 'n beskrywing van die gode nie 'n beskrywing van die godsdiens is nie en dat elke god binne die konteks van die breër sisteem van religieuse uitdrukking gesien moet word. Tog moet die waarde van 'n studie van die individuele gode op sigself nie onderskat word nie, want hoe duideliker ons die gode van Antieke Egipte sien, hoe duideliker sien ons die Antieke Egiptenare: *In order to understand the forces that circumscribe the very close homogeneous world of the Egyptians, we must inquire after their gods and emlpoy our conceptual armory in order to seek the reality of these gods – a reality that was not invented by human beings but experienced by them* (Hornung 1996: 251).

1.4.1 Songod

In 'n land soos Egipte waar die son so 'n prominente en bepalende rol in die onmiddellike omgewing van elke inwoner speel, is dit te verstaan dat dit ook in die godsdiens 'n prominente plek sal hê. Vir die antieke Egiptenare was die son meer as 'n mag oor lug en aarde; die daaglikse verskyning van die son na 'n nag se afwesigheid het die belofte van herrysenis na die dood ingehou. Om hierdie rede is die son beskou as die oorspronklike en sentrale skeppingskrag (Quirke 1992:23).

Die manifestasie van die hierdie skeppingskrag is op verskillende maniere en onder verskillende name uitgebeeld, waaronder die volgende:

- *Ra*, die sonskyf en middagson,
- *Khepri* in die vorm van die skarabee *(Scarabaeus sacer)* wat as die opkomende son aanbid is,
- *Atum,* as 'n ou man wat op 'n stok leun die ondergaande son verteenwoordig het,
- *Horus,* wat gewoonlik die vorm van 'n valk aangeneem het,
- *Horakthy,* nog 'n valkgod wie se naam *Horus van die Twee Horisonne* beteken en wat met *Ra* saamgesmelt het en as *Ra-Horakhty* met die son geïdentifiseer is en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- *Aten* wat gedurende die regering van Akhenaten baie gewild geword het en wat voorgestel is as die sonskyf met strale wat in hande eindig.

Die kultus van die son was waarskynlik reeds lank voor die dinastieke periodes in Benede-Egipte (in die noorde) in Iunu (*On* wat later deur die Grieke *Heliopolis, Stad van die Son* genoem is) beoefen deur die aanbidding van Atum, Khepri, Harakhty en veral Ra. Na die eenwording van Egipte ± 3100 vC, word Memphis die hoofstad. Tog het die priesters van Iunu steeds baie invloed gehad en Heliopolis het steeds die godsdienstige hoofstad van Egipte gebly (Watterson 2000:23).

1.4.2 Atum

Atum (Die Volmaakte) was een van die die oudste gode van antieke Egipte en deel van die Heliopolis kosmologie. Daar is geglo dat hy uit die oerwater Nun voortgekom het of dat hy homself geskape het op die plek waar die tempel van Heliopolis gebou is. Hierna het hy twee kosmiese gode, Shu, die god van lug en Tefnut, die godin van vog, uitgespoeg. Atum bring op sy eie, sonder die teenwoordigheid van 'n vrou en dus as pa en ma; man en vrou hierdie gode voort, maar hulle moet verenig om die aardgod Geb en Nut, die godin van die hemelruim voort te bring.. Uit hulle vereniging ontstaan die nie-kosmiese godepare Osiris en Isis, Seth en Nephtys en Horus (later bekend as Haroeris of Horus die Oue). (Watterson 2000: 30).

In die Ou Koninkryk (2575-2134 vC) is Atum ook geïdentifiseer met die god Ra en staan so as Atum-Ra bekend. Hy is aanbid as 'n vorm van die ondergaande son. Alhoewel daar ook geglo is dat die Egiptiese muishond 'n reïnkarnasie van Atum is, is hyself nooit as sodanig uitgebeeld nie, maar altyd in die gestalte van 'n mens met menslyf en kop en by tye as 'n man wat die dubbelkroon van Egipte dra met die koninklike septer en die Ankh (Bunson 1991:38) in sy hande.

1.4.3 Ra

Ra was die gewildste songod wie se kultus in die vroeë dinastieke periode by Heliopolis ontwikkel het. Hierdie kultus het baie van die inhoud en eienskappe van die mitologie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van ander kultusse geïnkorporeer en het veral klem gelê op materiële voordele soos gesondheid, kinders vrugbaarheid en 'n lang lewe (Bunson 1991:225).

Ra was die selfgeskape Ewige Gees wat op die oerwaters Nun verskyn het as 'n pragtige kind wat op 'n groot lotusblom gedryf het. Nadat hy homself geskape het, het hy die vier winde en die vloedwaters geskape; van sy sweet het hy gode geskape en uit sy trane het mense voortgekom. Nadat hy alles geskape het deur daaraan name te gee, het hy as koning oor gode en mense regeer met sy dogter Ma'at aan sy sy.

Terwyl hy jonk en sterk was, het Ra oor die aarde geheers as koning van mense en gode, maar toe hy oud geword het en sy kragte verloor het, het hy die mensdom op aarde verlaat en 'n nuwe tuiste in die Lewe-na-die-Dood gevind waar hy die Regter oor die dooies geword het. Gedurende die twaalf ure van die nag het hy op sy Nag-bark deur die Onderwêreld gevaar waar hy, bygestaan deur sy bemanning van goddelikes, elke nag die bose aanslae van die Apopis slang moes afweer. Teen dagbreek het hy die oostelike horison bereik waar vreugdevolle ape hom dansend en singend verwelkom het. In sy Dag-bark het hy dan vir die twaalf ure van die dag oor die hemelruim gevaar en die aarde verhit en verhelder.

Gedurende die Ou Koninkryk het die kultus van Ra van Heliopolis na die res van Egipte versprei totdat dit landwye erkenning en hiermee saam die Ra-priesters groot politieke mag gekry het. Gedurende die Vierde Dinastie aanvaar koning Khafre as een van sy name die naam *Seun van Ra.* Tot op daardie stadium is die koning gesien as 'n god in eie reg, en hierdie naamsaanvaarding het gedui op 'n vermindering in status. Die koning word nou as god gesien as seun van Ra, en die kindskap dui op die ondergeskikte posisie. Hierdie koninklike verwantskap aan Ra is vir die volgende twee en 'n halfduisend jaar gehandhaaf. Teen die Vyfde Dinastie is Ra amptelik erken as hoof van die pantheon van Egiptiese gode en dus as staatsgod. Gedurende hierdie Dinastie het verskillende konings ook hulle piramides by Abusir laat bou. Benewens die gewone tempel vir die aanbidding van die afgestorwe koning wat by piramides gebou is, is by die piramides van Abusir ook tempels vir die aanbidding van die songod Ra gebou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die kultus van Ra was 'n koninklike kultus en het nie aantrekkingskrag vir die gewone Egiptenaar gehad nie. Teen die einde van die Sesde Dinastie het hulle eerder geestelike troos by die meer simpatieke Osiris gevind en het die gewildheid en aansien van Ra afgeneem. Tog het hy tot aan die einde van die faraoniese tydperk'n belangrike plek in die Egiptiese panteon ingeneem (Watterson 2000:50).

1.4.4 Ma'at

Die sentrale rol van Ma'at in Egiptiese denke word reeds duidelik in die plek wat sy in die Heliopolitaanse skeppingsmite het. Sy is van die grondlegging van die skepping teenwoordig waar sy geïdentifiseer word met Tefnut, die dogter van Atum. In 'n Grafteks 80 (Tobin 1989:79) word hierna verwys:

Tefnut is my lewende dogter;
Sy sal wees met haar broer Shu.
Lewe (Ank) is sy naam
Ma'at is haar naam

Verderaan in dieselfde teks word gewys op die belangrike rol wat sy ook in Atum se lewe speel.

Soen jou dogter Ma'at,
Plaas haar teen jou neus.
Jou hart sal lewe,
Want sy is nie ver van jou af nie.
Ma'at, jou dogter
Met jou seun wie se naam Lewe is
Jy eet van jou dogter Ma'at

Ma'at word uitgebeeld as 'n vrou wat 'n volstruisveer as hooftooisel dra. Dit is hierdie veer wat as maat dien by die oordeelseremonie, wanneer die oorledene se hart as setel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van intelligensie en die siel, op die skaal geplaas word. Maar haar personifikasie as godin is ondergeskik aan haar rol as simbool van kosmiese orde (Tobin 1989:79). Sy is verpersoonliking van waarheid en reg. Maar die ma'at-begrip het die goddelike-vasgestelde orde van dinge verteenwoordig; die geordende beweging van die hemelliggame, die ewewig van die aarde binne die heelal, die reëlmaat van seisoene en die sekwensie van tyd. Hornung (1992:140) noem dit

> *....the harmony of tones,*
> *the melodious sound,*
> *the proper measure in architecture*
> *and the antidote for every form of excess.*

Sosiale en religieuse orde; die harmoniese verhouding tussen mens en mens, mens en god en mens en die dooies, is deel van die skeppingsplan van Ra, en dit word deur persoon van Ma'at vergestalt. Die skepping van die heelal en die skepping van koningskap en orde val dus saam.

Orde staan onder die ewigdurende bedreiging van chaos. Alleen deur Ma'at te onderhou kan die harmonie van die heelal in stand gehou word. Dit vorm die basis van die antieke Egiptiese godsdiens en die doel van kultusbeoefening; die instandhouding en navolging van Ma'at, sodat orde sal seëvier en Egipte sal floreer (Watterson 2000:41). Ma'at is die orde en die akkurate meetsnoer wat aan die basis lê van alle dinge op aarde (Hornung 1996:213).

Antieke Egiptiese gode was in hulle oorsprong natuurmagte en personifikasies van sekere koninklike en politieke ideologiëe en nie die bepalers van moraliteit nie. Hoewel Ma'at die basis is van antieke Egiptiese morele lewe, is hierdeur geen morele reëls en wette neergelê wat gevolg moes word nie. Ma'at het nie die neerlê van'n etiese kode behels nie maar wel van 'n norm vir moraliteit, 'n prinsiep waarteen menslike optrede geweeg kon word om waarvolgens die regverdigheid van dade bepaal kon word. Ook die gode se optrede is gemeet aan die maatstaf van Ma'at, en as onderhouers van Ma'at was die straf

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat hulle aan mense wat oortree het uitgedeel het, primêr gerig op die herstel van orde (Tobin 1989:182).

Ma'at is ook gesien as 'n konkrete substansie wat nodig is vir die gode en vir lewende en dooie mense (Hornung 1996:213). Een van die belangrikste tonele van aanbidding in die Egiptiese tempel is die aanbieding van Ma'at aan die gode in die ritueel van die opening van die mond (Hornung 1992:131). Die sentrale rol van die Ma'at-begrip vind weerklank in die woorde van die Farao:

O Ra, meester van Ma'at!
O Ra, wat lewe in Ma'at !
O Ra, wat verheug is in Ma'at!
O Ra, wat Ma'at liefhet!
O Ra, wat verenig met Ma'at
Ek het gekom na u
Ek bring vir u Ma'at
U woon in haar
U verheug u oor haar
U word deur haar gevoed
U is sterk in haar
U oorleef deur haar
U is gesond deur haar
U versier uself met haar
Sy werp u vyande op die grond
U hart is bly as u haar sien
U mede-dode is bly as hulle Ma'at in u teenwoordigheid sien.

Met die idee van ma'at ontwikkel die Egiptenare 'n universele konsep wat dien as fondament vir enige orde in die menslike of natuurlike sfeer. Ook dat die Egiptiese begrip van weeg, meet en tel hou direk verband met ma'at. Antieke Egiptiese regspleging is gebaseer op ma'at. Reeds in die Vyfde Dinastie het die hoogste regsamptenaar as die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

priester van ma'at bekend gestaan. In hofsake is die beskuldigde nie skuldig of onskuldig nie maar reg (ma'at) of verkeerd (isfet) verklaar (Hornung 1992:141).

As maatstaf vir geregtigheid het ma'at die beskerming van die minderbevoorregte geïmpliseer. In biografieë van amptenare wat graag 'n ideale beeld van hulself wou teken, staan geskryf:

Ek het brood gegee aan die wat honger was,
water aan die wat dors was,
klere aan die wat kaal was
en 'n skuit aan die wat nie 'n boot gehad het nie.
Ek het nie die wese van hul eiendom ontneem nie
Ek het niemand bevel gegee om dood te maak nie.
my handpalms is skoon.
(Brewer & Teeter 1999:152)

Hoe belangriker die amp, hoe groter was die verantwoordelikheid om ma'at toe te pas. Op grond van sy politieke statuur beroep die farao hom daarop dat hy ma'at bring en *isfet* verjaag:

Ek het Ma'at in die land gebring waar dit nie was nie
Ek het Ma'at bekendgestel regdeur die land,
en ek het isfet in die grond in vertrap (Hornung 1992:141).

Nog 'n himne met dieselfde strekking is deel van die daaglikse tempelritueel wanneer die farao homself bied aan Thoth, die god van reg, wysheid en ewewig (Hornung 1992: 132).

Ma'at het gekom sodat sy met u kan wees
Ma'at is teenwoordig in u woonplek
sodat u toegerus is met Ma'at
Die kleed om u ledemate is Ma'at

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ma'at is die asem in u neus
Ma'at is u brood.....Ma'at is u bier

Hornung (1992: 142) wys daarop dat dit natuurlik nie wil sê dat ma'at altyd werklik toegepas is nie. Daarvoor was daar te veel manipulasie, geldverduistering en omkopery. Sowel die Ou as die Nuwe Koninkryk het immers weens 'n gebrek aan ma'at ondergegaan. Tog het die Egiptenaar steeds bly vertrou op Ma'at. As sy uitgedryf is, kon sy in ere herstel word, soos Horus se oog, wat herhaaldelik gewond word maar telkens weer herstel. Beide simboliseer 'n konstante bedreigde orde wat telkens weer van nuuts af daargestel moet word. Ten spyte daarvan dat dit moeilik, selfs onmoontlik was om ma'at oor 'n lang tyd, selfs in hierdie lewe te realiseer, het dit steeds die Egiptiese punt van oriëntasie, die standaard van meting, die *behoort* teenoor die *is* gebly en het die oortuiging bly bestaan, dat

whoever proffers Maat and follows Maat
whoever keeps an eye fixes steadily on this goddess,
cannot go wrong"
(Hornung 1992:145).

1.4.5 Khepri

Die naam Khepri kom van die Egiptiese woord *kheprer* wat *word* of *begin bestaan* beteken en klink dieselfde as die woord vir *scarabeau* (Egiptiese skarabee of heilige kewer). Die grafiese motief vir so'n kewer kon dus as hiëroglifeteken vir beide die kewer en die begrip om te begin bestaan gebruik word. Die skeppergod het deur sy eie toedoen ontstaan soos wat die Egiptenare (verkeerdelik) geglo het ook die skarabee gedoen het. Dit is dus nie vreemd dat die god van spontane skepping Khepri sou heet nie (Watterson 2000:52).

In Egiptiese skilderye word hy uitgebeeld as 'n mens met die kop van 'n skarabee. Die skarabee self word een van die gewildste motiewe in die antieke Egiptiese kuns, in die maak van juwele, seëls en amulette.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.4.6 Shu

Shu, die god van lig en lug, is die oudste kosmiese god wat as 'n man met 'n veer wat die hiëroglief-simbool van sy naam is, as sy hooftooisel uitgebeeld word. Soms is hy uitgebeeld met die sonskyf op sy kop, verwysend na sy plek in die sonkultus en soms is hy uitgebeeld en aanbid in leeuvorm. Sy hooffunksie was om die hemele te stut. Dit het hy gedoen deur op die aarde te kniel en met opgehewe arms die Luggodin te ondersteun. Sy hoof heiligdom was by Nay-ta-hut wat later deur die Grieke herdoop is tot Leontopolis *(Stad van die Leeu).* Hier is hy en sy vrou Tefnut aanbid in die vorm van leeus. Volgens Watterson (2000:31) lê die oorsprong van hierdie gebruik in die plaaslike Heliopolitiese skeppingslegende. Hiervolgens sou Shu en Tefnut eers die vorm van twee leeuwelpies aangeneem het en later gegroei het tot die Twee Leeus wat elke oggend gewaak het oor die son se geboorte aan die oostelike horison en snags by die westelike horison 'n oog gehou het oor sy nagtelike reis. Die geloof dat die mens snags bewaak moet word totdat hy weer die volgende oggend saam met die son herrys, vind neerslag in die gebruik van die leeumotief as versiering op antieke Egiptiese beddens.

Volgens legende het Shu baie jare lank as 'n goeie koning regeer. Wanneer hy oud en sieklik word en die mense in sy koninkryk ontevrede raak, volg sy seun Geb hom op. Hyself neem sy plek in in die geselskap van ander gode wat vir Ra, die songod, bystaan (Bunson 1991:246).

1.4.7 Tefnut

In predinastieke tye was Tefnut die vrou van die god Tefen. In sommige periodes is sy geassosieer met Ma'at en is sy as 'n geestelike mag gesien eerder as 'n goddelike wese. Sy vorm deel van die Heliopolitiese Ennead as dogter van Atum en tweelingsuster en vrou van Shu. Sy is die godin van vog en word uitgebeeld as vrouefiguur met 'n sonskyf en kobra as hooftooisel. Soos ook Hathor en Sekhmet word dikwels na haar verwys as die *Oog van Ra*. Saam met Shu verteenwoordig sy die ruimte tussen hemel en aarde. In

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Heliopolitiese teologie word sy verbind met die skeppingsmagte van die god Ptah in die rol van lewensskenker (Bunson 1991:258).

Vir die antieke Egiptenare was die afwesigheid van die son 'n tyd van gevaar en onsekerheid. Verskillende variasies van die mite van hoe Tefnut Egipte verlaat en dan weer deur verskillende gode oorreed word om terug te keer, eindig almal op die gelukkige oomblik van haar terugkeer wat die terugkeer van die son na die donker en koue van die nag simboliseer, 'n metafoor vir die antieke Egiptenaar van die nuwe lewe na die dood (Watterson 2000:35).

1.4.8 Geb

Geb was ook een van Egipte se oudste gode,'n lid van die Ennead, die panteon van Heliopolis. Hy was aardgod en die kleinseun van Atum en broer en man van Nut, die luggodin (*sky goddess*). Volgens legende het hy so ontroosbaar gehuil toe hy en Nut in opdrag van Ra geskei is dat sy trane die oseane van die aarde gevorm het. Soms word hy uitgebeeld waar hy plat op sy maag lê en treur oor Nut, die houding waarin hy die berge en die valleie van die aarde verteenwoordig (Bunson 1991: 95). Hy word ook soms as 'n gans uitgebeeld of as 'n man wat 'n gans as hooftooisel dra. Waarskynlik is hy in predinastieke tye as heilige gans aanbid. In teenstelling met die meeste ander kulture waar die aardgod vroulik is, word Geb by sy altaar by Bata in Iunu as tweeslagtige uitgebeeld. Die eer vir die lê van die Groot Eier waaruit die son in die begin van die skepping voortgekom het in die vorm van die Benu-Voël, word aan hom toegeskryf. Een van sy epitetone was *Die Groot Kekkelaar,* wat verwys na sy gekekkel direk nadat hy hierdie groot eier gelê het! (Nog 'n manlike god wat deur die Egiptenare as aardgod aanbid is, was die antieke god Aker, wat soms as 'n strook land met 'n menskop en soms as 'n dubbel-hoofdige leeu uitgebeeld is.)

Volgens legende sou Geb 'n passie vir sy moeder Tefnut gehad het. Hy volg sy vader Shu as koning van Egipte op en dra die unieke titel *Iry-paat-neteru* (Erfgenaam van die gode). As opvolger wys hy sy oudste seun Osiris aan om te sit op die Egiptiese troon wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voortaan bekend staan as *Die Troon van Geb*. Later dra ook die aardse konings die titel *Erfgenaam van die Gode* (Watterson 2000:36).

1.4.9 Nut

As deel van die Heliopolitaanse skeppingsmite is Nut die kleindogter van die songod Ra en die vrou van Geb. Sy is die personifikasie van die hemelgewelf en figureer in verskeie skeppingslegendes. Sy word dikwels uitgebeeld as 'n vrou wat 'n waterkruik, die hiëroglief vir haar Egiptiese naam, op haar kop dra, of in 'n uitgestrekte posisie oor die aarde met haar voete rustend op die oostelike horison en haar hande rustend op die westelike horison. Haar lang, blou rok versier met sterre, beeld die hemelruim en die hemelliggame uit. Sy is die moeder van Osiris, Isis, Horus die Ouere, Seth en Nephtys. Sy word ook beskou as die moeder van die son wat sy elke aand op die westelike horison insluk net sodat sy die volgende oggend weer op die oostelike horison geboorte daaraan kan gee. Sy word ook uitgebeeld as 'n sog wat elke oggend die sterre opvreet en dan weer saans aan hulle geboorte gee.

Nut word ook somtyds voorgestel as 'n koei wat wydsbeen oor die aarde staan terwyl haar maag, wat met sterre besaai is, die hemelruim vorm (Watterson 2000:37).

Dis ook in hierdie gestalte dat sy uitgebeeld word wanneer sy Ra hemel toe dra nadat hy afstand gedoen het van sy aardse troon. In hierdie gedaante word die rol van Nut en die rol van die godin van die dooies, Hathor, ook 'n koeigodin, dikwels omgeruil wanneer Hathor die rol van die godin van die hemelgewelf aanneem terwyl Nut haar plek inneem as beskermgodin van die dooies wat as sterre na haar hemelse tuiste opstyg (Bunson 1991:193).

1.4.10 Osiris

Die vroegste geskrewe verwysing na Osiris kan in die Piramidetekste gevind word. Alhoewel daar nog geen inligting beskikbaar is oor wat en waar die oorsprong van sy kultus is nie, en hoe hy aanbid is nie, is dit duidelik dat hy teen die tyd dat die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Piramidetekste opgeteken is, alreeds 'n volledig ontwikkelde god met 'n eie teologie en mitologie was. Waarskynlik is hy aanvanklik aanbid as 'n vrugbaarheidsgod maar soos sy kultus deur Egipte versprei het, het hy verskillende plaaslike gode verdring. By Heliopolis word hy deel van die Ennead en in Memphis smelt hy saam met Sokar.

Soos die gode voor hom verdwyn het, het hy hulle funksies en eienskappe oorgeneem en dit vind neerslag in die manier waarop hy meestal uitgebeeld word. Hy word voorgestel as 'n manlike mensfiguur wat bedek is met 'n baie styfpassende wit kleed wat net sy kop en hande sigbaar laat. In sy hande hou hy 'n kromstaf en 'n vleël. Op sy kop dra hy die Wit Kroon van Bo-Egipte of die *Atef* kroon ('n variasie van die Wit Kroon waarvan die boonste gedeelte afgesny is en vervang is met die sonskyf en in sy geheel omsirkel word deur twee volstruisvere). Hy is dus koning soos aangedui deur die kroon, die staf en die vleël, maar hy is die gestorwe koning, soos blyk uit die kleed, wat die bindsels wat in mummifikasie gebruik word, aandui (Bunson 1991:170).

Die sigbare gedeelte van sy liggaam is gewoonlik swart of groen. Swart is die kleur van die vrugbare spoelgrond waaruit die gesaaides elke jaar weer gegroei het en wat simbool was van opstanding en ewige lewe. Swart dui op die feit dat hy gesterf het en weer uit die dood opgestaan het. Groen, die kleur van plante, is simbolies van jeug en groeikrag.

Osiris word ook uitgebeeld met 'n rituele vals baard, wat regdeur die dinastieke periode deur konings gedra is en wat as gevolg van die verband met Osiris met die bonatuurlike geassosieer is. Die gekrulde baard van Osiris verskil van die meestal reguit baarde van Egiptiese konings en kan moontlik daarop dui dat hy vroeër as 'n ramgod aanbid is (Hornung 1996:95).

Volgens legende sou Osiris as koning van Egipte die beskawing en landbou na sy mense gebring het en hulle geleer het om gode te aanbid en die wette wat hy gemaak het, te gehoorsaam. Deur sy suster-vrou Isis se ontdekking van wilde koring en gort sou sy die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Egiptenare laat afsien van hulle kannibalistiese weë. Verder sou Osiris die eerste mens wees wat vrugte van bome gepluk het, wat wyn uit druiwe en bier uit graan gemaak het. Hierdie gawes het hy nie net tot Egipte beperk nie; terwyl Isis as regent in Egipte agtergebly het, het hy die wêreld deurkruis en hierdie kennis met alle mense gedeel. Uit dankbaarheid vir sy goedheid is hy tot god verhef en aanbid (Watterson 200:59). Dis gedurende hierdie afwesigheid van Osiris dat sy broer Seth se jaloesie jeens Osiris en sy passie vir Isis toeneem en dat hy saamsweer teen Osiris. Uit hierdie sameswering volg die mitiese moord op Osiris, en Isis se omswerwinge om haar geliefde broer-man weer heel en lewend terug te. Isis se opstanding uit die dood en sy uiteindelike vertrek na die Onderwêreld, waar hy Koning van die Dooies word, sluit hierdie stryd vir hom af. Dit word egter vootgesit in die mite van die stryd tussen Horus en Seth.

Deur sy opstanding het Osiris die ewige lewe eers binne die bereik van die konings van Egipte geplaas, maar uiteindelik ook van elke Egiptenaar wat geglo het dat solank as wat hy by sy afsterwe dieselfde behandeling van sy familie en vriende ontvang as wat Osiris van die ander gode ontvang het, die ewige lewe ook vir hom beskore was (Tobin 1998:120). Die mummiebindsel is na die voorbeeld van die Osiriskleed gedoen; priesters wat die begrafnis waargeneem het, het dit gedoen in navolging van die voorbeeld van die gode; vroulike roubeklaers het die plek van Isis en Nephtys ingeneem terwyl die begrafnisrites uitgevoer is deur 'n priester wat die rol van Anubis vertolk het. Teen die einde van die Ou Koninkryk is alle afgestorwenes met Osiris geassosieer en aangespreek as *Die Osiris* (naam).....

Gedurende die Ou Koninkryk, terwyl Ra die septer geswaai het, was die hemel van die Songodsdiens, soos dit in die Piramidetekste weergegee is, 'n koninklike domein waar konings na hulle dood met die gode gewandel het en wat vir die gewone mens ontoeganklik was. Daar was dus twee verskillende soorte lewe na die dood: die een vir die koning en sy enkele uitverkorenes, en die vaagomskryfde en neerdrukkende lewe in die onderwêreld vir die res van die mensdom. Een van die produkte van die verbrokkeling van die sosiale strukture aan die einde van die Ou Koninkryk was die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

afbreek van hierdie onderskeid en die magstoename van die nomarge wat vir hulleself al groter graftes begin bou het en hul al hoe meer met plaaslike en nasionale gode geassosieer het. Teen die einde van die Sesde Dinastie is die Piramidetekste aangepas om ook Osiris te akkommodeer. Die Ou Koninkrykse koninklike hemel het geleidelik plek gemaak vir die steeds gewilder Osiriese hiernamaals. Teen die Negentiende Dinastie is ook die Piramidetekste aangepas vir gebruik deur diegene wat nie kwalifiseer om in piramides begrawe te word nie en word uittreksels hiervan aan die binnekant van kiste geskryf. So ontwikkel die Piramidetekste in die Kisstekste in hierdie proses van die demokratisering van die ewige lewe (Watterson 2000:67).

Die Osiris kultus het meer as twee duisend jaar lank in Antieke Egipte bly voortbestaan. Osiris was waarskynlik die bekendste van die Egiptiese gode. Sy aantrekkingskrag lê bes moontlik in die geloof dat hy as mens op aarde geleef het waar hy niks anders as goed gedoen het nie en desondanks verraai en vermoor is en deur sy opstanding uit die dood die ewige lewe binne die bereik van iedereen geplaas het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.4.11 Isis

In die Egiptiese mitologie is Isis 'n sterk godin in eie reg wat oor magiese vaardighede beskik het wat haar in staat gestel het om weer lewe uit die dooie liggaam van die verminkte Osiris op te wek. Hoewel sy blykbaar nie eksklusief met enige dorp of tempel geassosieer kan word nie, is 'n deel van elke tempel in Egipte vir haar aanbidding afgesonder. In die Heliopolis-Ennead neem sy haar plek in as die dogter van Geb en Nut, suster van Nephtys en Seth en suster-vrou van Osiris, saam met wie sy die beskawing na Egipte sou gebring het.

Sy dra die hiëroglifeteken vir sitplek of troon of die sonskyf tussen twee koeihorings as hooftooisel. Sy is ook genoem die Godin van Vele Name, bv. Weret-Hekau (die Groot Magiese) en Mut-netjer (Moeder van die gode), en sy word ook uitgebeeld in die gestalte van ander vroulike godinne soos Nut en Hathor (Bunson 1991:126).

Isis se magiese krag en vernuftigheid word uitgebeeld in bv. die legende van hoe sy Ra uitoorlê en uiteindelik sy geheime naam bekom, maar dis veral vir die ander voortreflikhede wat sy haar plek volstaan as die *grand dame* van die Egiptiese mitologie.

Haar onverskrokke rol in die Osiris-Seth sage maak van haar die epitoom van onselfsugtige en selfopofferende vroueliefde en tegelykertyd ook 'n toonbeeld van krag, moed en lojaliteit. Sy word dikwels uitgebeeld as vroedvrou: die oomblik van geboorte en sterfte word met haar in verband gebring. Moederskap word dan ook deel van die Isis-kultus in die Laat Periode. Sy word meermale uitgebeeld as die vrouefiguur met uitgestrekte arms wat die gebroke liggaam van Osiris koester of as die moederfiguur wat die suigeling Horus borsvoed; toonbeeld dus van die sorgsame en toegeweide vrou en moeder (Foster 1995:4). Omdat sy haar by meer as een geleentheid in 'n blouvalkie moes verander om weer lewe in die lewelose Osiris te blaas, word sy dikwels uitgebeeld as gevleuelde vrouefiguur.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gedurende die Laat Periode is Isis regdeur die land aanbid op grond van haar samesmelting met gode soos Astarte, Hathor, Bastet, Nut, Sothis (saam met wie sy onder die naam Isisothis aanbid is) en Renenutet. Laasgenoemde was die godin van vrugbaarheid van die oes en moeder van Nepri, die verpersoonliking van koring, terwyl Osiris die god van koring was. Op grond van hierdie verband tussen Nepri en Osiris is Isis en Renenuter in die Laat Periode aanbid as Isemithis (Watterson 2000:80).

In Dinastieke Egipte was die kultus van Isis wydverspreid. Maar van hier versprei dit noordwaarts na Fenisië en Palestina en Sirië, na Klein Asië, Siprus, Rhodes , Kreta en ander Griekse eilande, na Griekeland, Malta en Sisilië en uiteindelik tot in Italië en Brittanje. Net soos sy in Egipte as deel van baie ander godinne aanbid is, word sy buite die grense van Egipte deel van plaaslike godinne wat as sorgsame moeders aanbid is.

1.4.12 Horus

Valke het algemeen in Egipte voorgekom en is op verskillende plekke aanbid. Verskeie gode, waaronder Ra, Montu en Sokar, manifesteer in die gedaante van die valk, en verskeie gode het die valknaam aangeneem, elk met sy eie kultus-sentrum en legendes. Deur die jare het die kultusse en die legendes vermeng geraak en is oorskadu deur die gewildste en bekendste van die valkgode, Horus van Edfu, wat hom gemanifesteer het in die gedaante van 'n edelvalk (peregrine).Vroeë inskripsies beeld Horus uit met uitgestrekte vlerke as die beskermer van die konings.

In die begin was Horus 'n luggod. Hy het voor die mens bestaan en het die aarde in die gedaante van 'n valk betree. Sy Egiptiese naam *Hor*, kan of *gesig* of *ver* (*distant*) beteken en met geringe verbuiging na *Horet* beteken dit *lug.* Dus is hierdie god gevisualiseer as die gesig van die lug. In hierdie gesig was die linkeroog die maan en die regteroog die son; die god is aanbid as *Die Groot Horus* of *Horus die Oue.* Hy kon ook 'n maanlose nag aanbid word as *Hor-Khetnty-en-Itry* (*Horus-die-voorste-een-sonder-oë*) (Watterson 2000:81).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is nie duidelik waar Horus oorspronklik aanbid is nie. Sommige navorsers voer aan dat die Horus-kultus in die Delta ontstaan het en geleidelik uitgebrei het na die Suide toe die inwoners van die Noorde sover as *Nbt* gevaar het en die volgelinge van Seth oorwin het. Ander navorsers is van mening dat alle legendes wat handel oor die stryd tussen Horus en Seth gebaseer is op die stryd tussen die inwoners van die Noorde en die Suide. Hoe dit ook al sy, voor die eenwording van Egipte reeds het Horus die status van koninklike god met belangrike heiligdomme in beide helftes van die land gehad in stede wat gedien het as die magsetels van die plaaslike heersers; *Pe* in die noorde en *Nekhen* in die suide. Om hierdie rede is konings uit beide helftes van Egipte beskou as die aardse vergestalting van hom en is na konings verwys as *Die Lewende Horus*. Na eenwording het Konings uit die suide en die noorde as deel van hulle amptelike benaming sowel die *Horus Naam,* simbolies van hul rol as die beliggaming van Horus, as die *Goue Horus Naam* ontvang (Watterson 2000:83).

Alhoewel Horus die oudste staatsgod van Egipte was, het dit nie lank geduur voordat Ra van Heliopolis aanspraak op hierdie posisie gemaak het nie. Geleidelik het Horus se karakter verander van 'n luggod na dié van 'n songod en word hy ook aldus in Heliopolis, die oudste sentrum van die sonkultus, aanvaar. Hier groei hy saam met Ra en word as *Ra-Hor-Akhty* of *Ra-en-Horus-van-die-Twee-Horisonne* aanbid en voorgestel as 'n man met die kop van 'n valk, bekroon met 'n sonskyf (Bunson 1991:116).

Horus word nie in sy eie vorm as songod in die Heliopolitiese teologie ingevoeg nie, maar as die seun van Osiris en Isis. Hy word na sy vader se dood verwek en word groot in die Deltastreek op die eiland Chemmis, waar hy en sy moeder Isis geskuil het teen moontlike aanslae van Seth, die moordenaar van sy vader. Hier word hy opgepas deur die godin Wadjet, beskermer van Laer Egipte. Hier bly hy totdat hy oud genoeg is om sy regmatige aanspraak op die troon van Egipte uit te oefen.

Horus het onder verskillende name bekend gestaan: *Hor-nedj-her-itef* (Horus-wreker-van-sy-vader) en *Hor-pa-kred* (Horus-die-kind (van Isis)). Laasgenoemde is beskou as vriend en beskermer van die dooies. Hierin is hy bygestaan deur vier geeste bekend as die *Vier Seuns van Horus*, wie se moeder ook Isis was. Hulle was Imset, met die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

menshoof, Hapy met die aapkop, Duamutef met die jakkalskop en Qebehsenuf met die kop van 'n valk. Op hulle beurt is hulle bygestaan deur Isis en haar suster Nepthys; Neit, die groot skepper godin van Sias, en Selkis, ook bekend as Selket of Serquet. Hulle rol was om die organe op te pas wat tydens mummifikasie uit die liggaam verwyder is en in kanopiese kruike bewaar is.

Aanvanklik is daar onderskeid gemaak tussen Horus die songod en Horus-seun-van-Isis. Uiteindelik het hierdie twee saamgesmelt en die songod is grootliks opgeneem in Horus-die-seun-van-Isis. Benewens sy simpatie met die dooies vir wie hy en sy vader Osiris ingetree het as hulle voor die Assessore moet verskyn vir die Oordeel, het sy heldhaftige stryd teen Seth, wat die ewige stryd tussen goed en kwaad en lig en duisternis versinnebeeld, aan hom groot gewildheid en aansien verskaf (Watterson 2000:85). Een van die kragtigste Egiptiese simbole, die Horus Oog, was die simbool van die oog wat Horus in een van die skermutselings met Seth verloor het. Die oog is weer deur Isis heel gemaak en is die *wadjet* of *gesonde oog* genoem. Verskillende variasies van die Seth-Osiris-Horus legendes loop dwarsdeur die antieke Egiptiese geskiedenis.

Die verhaal van die stryd tussen Seth en Horus om die Egiptiese troon word vertel in die Chester Beatty Papirus wat tydens die heerskappy van Ramses V opgeteken is. In veskillende episodes word die verhaal vertel van hoe die troon uiteindelik aan Horus toegeken word na 'n lang geredekawel deur die gode wat as besluitloos en wispelturig uitgebeeld word. Uiteindelik word die troon van Egipte aan 'n aardse opvolger oorhandig.Van hierdie punt af staan die kroon van *Egipte* bekend as die *Horuskroon*, elke regerende koning as *Die Horus* en elke afgestorwe koning as *Die Osiris* (Tobin 1989:46).

1.4.13 Seth

Seth was een van die oudste Egiptiese gode. In predinastieke tyd is hy aanbid as 'n afgod en uitgebeeld as die sg. Seth-dier wat saamgestel is na die beeld van verskillende diere; die liggaam van 'n windhond, 'n verlengde, gebuigde snoet, lang, regop ore wat afgeplat is by die punte en amandelvormige oë, en 'n regopstaande stert wat by die punt gevurk is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Seth se oudste rol was as die vyand van Horus die Oue. Waar hierdie Horus as songod beskou is as die gesig van die hemelruim in die dag en dus as god van sonlig en lig, is Seth gesien as die gesig van die naghemel en dus van duisternis. In die Nuwe Koninkryk het die woeste Seth se reputasie as *mees onverskrokke god* aan hom 'n plek op die bark van Ra verdien, waar hy aanslae van die vyande van die songod afgeweer het. Soms is Seth as god van die storms ook as bedreiging gesien van hierdie bark, waarvan die grootste vyand nog steeds die monsteragtige slang, Apophis, was. In die Laat Periode word Seth geïdentifiseer met hierdie slang, maar in die Nuwe Koninkryk staan hy op die boeg van die bark waar hy aanslae van die slang afweer. Maar die rol waarvoor Seth in die drama van die Egiptiese godsdiens die bekendste is, is sekerlik as onverbiddelike teenstander van Horus in hulle stryd om die Egiptiese troon (Watterson 2000: 108).

Die vroegste Seth-kultussentrum was by *Nbt* (Goudstad), so genoem omdat dit naby die toegang tot die Wadi Hammamat geleë was, waardeur die goudneerslae van die Oostelike Woestyn bereik kon word. Seth het bekendgestaan as *Nbty* (hy van die Goudstad), *die Rooi God* en *God van die Vreemde lande.* Vanweë sy assosiasie met die woestyn is elke moontlike bedreigende natuurelement met hom in verband gebring; wind, reën, storms en donderweer.

Vanaf die vroegste tyd is Seth beskou as die belangrikste god van die Suide. Na eenwording neem die antieke Egiptiese konings die Horusnaam aan, maar Seth word nog steeds beskou as die verteenwoordiger van die Suide. Die koninginne van hierdie periode dra die titels *Sy wat die twee here (Horus en Seth) verewig* en *Sy wat Horus en Seth sien.* Seth word dan ook vir 'n lang tyd as welwillende god deur 'n groot deel van die bevolking gesien. Daar was altyd twee aspekte teenwoordig in die Seth-karakter; die goeie en die kwaadwillige. Die Antieke Egiptenare het 'n ambivalente houding teenoor hom gehad: hulle het sy kwaadwilligheid gevrees maar tegelykertyd sy woestheid bewonder. Van tyd tot tyd het leiers hulle uit politieke oorweging of persoonlike voorkeur aan Seth verbind. Verskillende Ramseskonings het sy naam deel van hul koningsnaam gemaak (Shafer 1991:41), maar die oorwegende rol van Seth in die Egiptiese panteon was as verpersoonliking van alle skadelike en bose dinge.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.4.14 Nephthys

Nephthys word normaalweg uitgebeeld as 'n vrouefiguur met die hiëroglief wat haar naam vorm as haar hooftooisel. Haar Egiptiese naam is *Nbt-hwt*, wat beteken *Dame van die Kasteel.* Sy figureer slegs in die Heliopolitiese mites; sy was een van die vyf kinders aan wie Nut die lewe geskenk het op die ekstra dae wat sy van Thoth gewen het. Sy was dus Seth se suster en ook vrou maar sy het deurgaans lojaal gebly aan haar ander broer en suster, Isis en Osiris. Nephthys het gehelp om die stukke van Osiris se opgekapte liggaam bymekaar te maak en te verbind en was die hoof-roubeklaer by Osiris se dood.

Haar aandeel in die beskerming en die opstanding van Osiris brei later uit as sy die beskermer van alle dooies word. Sy is geassosieer met alle begrafniskultusse, was beskermgodin van woestynreisigers en ook godin van die oeste en van vrugbaarheid (Bunson 1991:188). Nephthys is ook een van die vier beskermingsgodinne van die kanopiese kruike. Uitbeeldinge van haar is gekerf op die hoeke van die sarkofae en altare. Soos Isis is sy meermale uitgebeeld met die vlerke van 'n blouvalkie. Volgens legende is Anubis in 'n owerspelige nag van passie verwek toe Nephthys vir Osiris om die bos gelei het (Watterson 2000:112).

1.4.15 Hathor

Die aanbidding van koeigodinne was 'n algemene verskynsel in Antieke Egipte. Reeds in pre-dinastieke tye het die koei vrugbaarheid gesimboliseer en is sy gesien as die groot moederfiguur. Die bekendste Egiptiese koeigodin is Hathor. Sy word egter in 'n verskeidenheid ander gedaantes soos 'n leeuwyfie, 'n slang of 'n boomnimf vergestalt (Hornung 1996:277). In pre-dinastieke Egipte en die Vroeë Dinastieke periode is Hathor bekend as die vroulike metgesel van die *Bul van Amenti,* die eerste beskermgod van die dooies. Later word sy ook geassosieer met ander kultusse (Bunson 1991:107).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Haar naam *Hwt-Hor* beteken *Tempel van Horus*, wat dui op die mite dat haar man, die songod Horus, elke aand haar mond binnegaan om daar te rus om dan weer die volgende oggend as die son tevoorskyn te kom. Dis dan ook in hierdie hoedanigheid dat sy gesien word as godin van die hemelgewelf (*Die Oog van die Songod*) wanneer sy en Nut rolle omruil en sy soms in grafskilderye voorgestel word as 'n koei met sterre op haar maag. In sommige rites word sy *Moeder van Ra* genoem omdat sy die son tussen haar horings dra terwyl sy in ander bekendstaan as *Dogter van Ra* omdat sy vereenselwig is met die sterre wat die kinders van Ra was. Sy is geassosieer met verskeie kleiner godinne wat ook deur koeie voorgestel is en word soms uitgebeeld as 'n vrouefiguur met koeiore.

As beskermgodin van die dooies het sy ook bekend gestaan as *Die Dame van die Wildevyeboom*. In die lewe na die dood sou sy in 'n heilige wildevyeboom sit vanwaar sy aan die afgestorwenes wat onder die takke kom skuil het, kos en drank sou aanbied. Hierbenewens was sy ook beskermgodin van alle vroue en godin van liefde en vreugde, musiek en dans. Dis dan ook deur haar geliefde musiekinstrument, die *sistrum*, te bespeel dat sy die boosheid van die land af weggedryf het. Sy word dikwels beskryf met name soos *die Mooie, die Goue, Die Dame van Dronkenskap.* Haar gewildheid onder vroue het sy onder andere daaraan te danke dat sy mans aan haar gunstelinge onder jong meisies sou gee, maar ook omdat sy, bygestaan deur haar seun Ihy en Bes, die beskermgod by kindergeboortes, alle vroue in hul uur van barensnood bygestaan het (Watterson 200:121). Haar rol as versorger van koninklike babas word voortgesit wanneer sy ook die volwasse koning borsvoed. Uitbeeldings van die *daaglikse koninklike rites* op tempelreliëfs toon haar as beskermer van die land wat die koning versterk en bo-menslike magte gee, sodat hy die land kan beskerm, deur hom te borsvoed (Bunson 1991:107).

Hathor was waarskynlik die godin met die grootste aanhang in Antieke Egipte (Hornung 1996;277) en het algemeen bekend gestaan as die weldoener van haar land. Net een maal het Ra haar gestuur om met die mensdom met wie hy geduld verloor het, af te reken. Dit het sy met soveel oorgawe gedoen dat Ra, in 'n poging om 'n einde te maak aan haar bloeddorstige slagting, haar moes kalmeer deur haar dronk te maak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In elke groot dorp in Egipte was 'n tempel waar Hathor aanbid is. In sommiges hiervan is sy aanbid as 'n vorm van 'n plaaslike godin; by Elefantine is sy geassosieer met Sothis, by Thebes met Mut en in Boejo met Wadjet. Sy word op soveel plekke met Isis geïdentifseer dat hierdie twee groot Egiptiese godinne teen die Laat Periode ononderskeibaar vermeng geraak het (Watterson 2000:128).

1.4.16 Wadjet

Wadjet is een van die kobra-godinne van Antieke Egipte van wie Renenutet en Meretseger minder belangrike voorbeelde is.

Haar naam word geskryf met die hiëroglifeteken vir die papirusplant en beteken *Sy-van-die-Papirus* (Watterson 2000:129). Sy word meestal voorgestel as 'n kobra. Wadjet was die beskermgodin van Benede-Egipte terwyl Nekhbet die beskermgodin van Bo-Egipte was. Sy word somtyds geassosieer met Hathor en ook met die Osiris-kultus: Wadjet het vir Isis bygestaan toe Isis en Horus in die riete van die Delta vir Seth weggekruip het. Dit word haar taak om elke koning van Egipte wat gesien is as die *Lewende Horus,* op te pas. Die sonskyf van Ra is gewoonlik uitgebeeld met 'n kobra wat daarom gedraai is as simbool van koningskap. Die kobra is om hierdie rede gesien as die *Oog van Ra* wat vuur kon spoeg op die vyande van Ra (Bunson 1991:279).

Wadjet word ook as deel van in die kroningseremonie as 'n vrouefiguur uitgebeeld waar sy 'n septer dra wat bestaan uit 'n slang wat ineengedraai is met papirus. Dit is sy wat die kroon van Benede-Egipte aan elke nuwe koning oorhandig (Bunson 1991:279).

1.4.17 Nekhbet

Nekhbet is aanbid in die vorm van 'n aasvoël. Sy was die plaaslike godin van die antieke stad Nekheb, een van die oudste nedersettings van Bo-Egipte. Nekhbet was belangrik vanweë sy gunstige geografiese ligging t.o.v. die westelike toegang tot die roetes na die Rooi See en roetes na die Oostelike Woestyn waar kosbaarhede soos lood, tin en goud

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gehaal is. Op die Wesoewer van die Nyl, direk oorkant Nekheb, het die oudste hoofstad van Bo-Egipte, Nekhen of Hierakonpolis, gelê. Hierdie ligging het dus aan die stad 'n prominente plek in Antieke Egipte gegee en daarmee saam aan die godin 'n hoë status verleen (Watterson 2000:132).

Gedurende die pre-dinastieke periode was Nekhbet, wie se naam *Sy-van-Nekbet* beteken, die oppergodin van Bo-Egipte. In die dinastieke periode is sy verhef tot beskermgodin van die koning van Bo-Egipte. Daar was ook eras waartydens sy aanbid is as vrou van die Nylgod en sy is ook aangespreek as *Dogter van die Son.* Sy word soms uitgebeeld as vrouefiguur wat die Wit Kroon van Bo-Egipte dra, of as 'n vrouefiguur met die kop van 'n aasvoël. In die Antieke Egiptiese grafliteratuur bewoon sy die oerwater van chaos voor die skepping en staan sy by met die geboorte van Osiris. In hierdie hoedanigheid word sy gesien as beskermgodin van die natuur en van kindergeboorte (Bunson 1991:188).

Die vereniging van Bo- en Benede-Egipte is gesimboliseer deur die farao se aanvaarding van 'n titel wat altwee hierdie godinne insluit; die *ntby*-naam (Twee-Dames) wat in hiëroglieftekens verteenwoordig word deur 'n aasvoël en 'n kobra wat op mandjies sit. Hierdie titel vorm deel van die titularis van elke Egiptiese koning.

Nekhbet se belangrike rol as beskermer van die koning vind neerslag in die ontwerp van kroonjuwele: die breë krae en borsstukke wat deur konings gedra is, is dikwels ontwerp om die nek- en borsvere van die aasvoël voor te stel. Wanneer die Nekhbet-motief gebruik is as motief vir juwele, het sy in haar kloue die hiëroglieftekeu *shen (om te omsirkel)* gehou wat beteken dat sy aan die koning heerskappy oor alles wat die son omsluit, gee. Om Wadjet in staat te stel om ook dit te kan doen, is sy ook soms uitgebeeld as kobra met die kloue van 'n aasvoël (Watterson 2000:132).

1.4.18 Amun

Amun (*Verborgene/Onsigbare*) was reeds in die vroeë eras bekend as 'n luggod. Alhoewel die ram met hom geassosieer is vanweë sy viriliteit en veglus, is hyself nooit as ram of as mens met 'n ramkop uitgebeeld nie, maar altyd as 'n man met 'n hooftooisel van die sonskyf omraam deur twee pluime (Bunson 1991:20). Sy viriliteit en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vrugbaarheid is ook uitgebeeld in die gans wat ook met hom geassosieer is (Hornung 1996:275). Die verborgenheid wat implisiet was in sy naam, is uitgebeeld deurdat die altare waarop sy beeld was, met 'n kleed bedek is.

Die opkoms van Amun het min met die godsdiens te doen gehad. Teen ten minste die Middelkoninkryk is 'n tempel vir Amun in *Waset* gebou. Hierdie stad het aan beide kante van die Nyl gelê het dus toegang tot beide woestyne met hulle ryk natuurlike hulpbronne gehad. Die heil van Amun en Waset (beter bekend as *Thebes*) het onlosmaaklik verweefd geraak; soos die gewildheid van Amun toegeneem het, het die aansien van Thebes gestyg en soos die voorspoed van Thebes gegroei het, het die aansien van Amun gestyg (Tobin 1989:14).

Toe die Hiksos teen ongeveer 1550 vC finaal uit Egipte verdryf is, het die Thebaanse koning Ahmose Thebes as hoofstad vir die opnuut-verenigde Egipte gekies en Amun word verhef tot staatsgod van Egipte. Onder die bewind van Tutmoses III word Thebes die hoofstad van die magtige imperium wat hy vir Egipte in die Nabye Ooste gewen het en is baie van die rykdom wat so bekom is aangewend vir die kultus van Amun. Amun word heerskappy gegee oor al die gode van die lande wat nou onder die septer van Egipte staan. As *Koning van die Gode* is hy veral gesien as god van oorlog wat die oorwinning aan die konings van Egipte gebring het. Reg deur Egipte word nuwe altare en tempels vir Amun gebou. Dikwels vervang hierdie tempels bestaande tempels van plaaslike gode en word nuwe, kleiner tempels vir hierdie gode in die onmiddellike nabyheid van die Amun-tempel gebou om hulle ondergeskiktheid aan hom te beklemtoon. Die titels *Hoëpriester van Ra* en *Hoëpriester van Ptah* word nou ook ingesluit by die titels van *Hoëpriester van Amun.*

Vanaf ongeveer 1390 vC begin die karakter van Amun verander. Hy word nie meer vereer as god van oorlog nie, maar neem geleidelik die funksies van Ta-tanen van Memfis en Ra van Heliopolis oor. Hy word deur sy priesters tot selfskeppende kosmiese skeppergod verklaar wat eers homself en daarna al die ander gode geskape het. Verder word Thebes geïdentifiseer as die geboorteplek van die heelal waar Amun regeer as *Heer van Tyd* wat die jare maak, die maande reël en dag en nag beveel. Uiteindelik word Ra se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

naam gevoeg by dié van Amun sodat hy nou bekend staan as Amun-Ra, Koning van die Gode *(Amen-Re-Nesu-neteru)* (Watterson 2000:141).

Die geweldige aansien van Amun het aan die Amun-priesterdom nie alleen baie mag nie, maar ook aansienlike rykdom besorg waarvan die kultustempels van Karnak en Luxor vandag nog getuienis is. Ten spyte hiervan het die klein Amun-tempel by Karnak vir die gewone mens ook toegang tot hierdie god gegee, wat hom as 'n saggeaarde god gesien het wat die swakkes beskerm, siekes genees en na die wese en die onderdruktes omsien. Soos die gewoonte in die Egiptiese gode was, was ook hy deel van 'n goddelike gesin, wat tergelykertyd broer en man was van Mut en vader van Khonsu (Bunson 1991:20).

Wanneer Assurbanipal die Assiriër Thebes in 663 vC inval en plunder, breek dit finaal die mag van Thebes. Tog word Amun steeds geëer en sy mag steeds deur heersers erken. 'n Bewys van sy aansien is wanneer Alexander die Grote in 332vC Egipte inneem en hy deur die Egiptiese priesterdom aanvaar word as *Seun Van Amun* en dus die regmatige regeerder van Egipte. Dat hierdie titel nie ligtelik opgeneem word nie, spreek uit afbeeldinge van Alexander die Grote waar hy, veral op munte, met die ramshorings van Amun uitgebeeld word (Watterson 2000:149).

1.4.19 Mut

Mut was moontlik die oorspronklike godin van Thebe maar is in die Nuwe Koninktyk en later gesien as die vrou van Amun. Haar naam beteken *moeder*, en volgens die mitologie van die Mut-kultus, was sy 'n luggodin. Ook sy het verskillende gestaltes gehad: aasvoël, leeu en koei, maar sy is meestal menslik uitgebeeld (Quirke 1992:32) met die dubbelkroon op haar kop en die veer van Ma'at by haar voete (Bunson 1991:180). Die hiëroglieftekeen vir haar naam is 'n arend, en dis ook hierdie vorm wat gebruik is om die hooftooisels van koninginne in die Nuwe Koninkryk te versier. Hierdeur het die koninginne hulle met Mut, die vrou van die groot god Amun maar ook met Nekhbet, die beskermer van Bo-Egipte, geïdentifiseer. Sy word ook met ander godinne geskakel en kry hierdeur universele eienskappe (Hornung 1996:279).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.4.20 Khonsu

As seun van Amun en Mut is Khonsu die derde lid van die heilige triade van Thebes. Dis ook hier waar sy hooftempel gebou is. Ander Khonsu-tempels het dwarsoor Egipte voorgekom.

Hy word as jongman uitgebeeld met'n haarlok wat dui op sy jeugdigheid (Hornung 1996:278). As maangod is sy hooftooisel 'n sekelmaan en 'n volmaan en in sy hande dra hy die haak, die vleël en *waas*-septer. As maangod was hy Thoth behulpsaam in die berekening van tyd . Hy is ook geëer vir sy vermoë om vroue en vee vrugbaar te maak. Hierbenewens was hy ook god van genesing (Watterson 2000:151).

1.4.21 Aten

Die vroegste gebruik van die woord *aten* kan teruggevoer word na 'n kisteks uit die Middelkoninkryk. 'n Voorbeeld hiervan word aangetref in die narratiewe teks *Die Storie van Sinuhe* (Lichtheim 1973:222) waarin beskryf word hoedat die sterwende koning met die *"son verenig"*. In 'n brief van Sinuhe aan die koning sê hy aan die koning: *"die son kom op om u te plesier"* (Lichtheim 1973:231). In beide gevalle word die woord *aten* in stede van die meer algemene *re* vir *son* gebruik . Die basisbron vir *Die Storie van Sinuhe* gebruik saam met die woord *aten* die teken vir *god.* Watterson (2000:155) voer aan dat daar dus die afleiding gemaak kan word dat die Egiptenare in die Middel Koninkryk reeds 'n god genaamd Aten gehad het alhoewel Hornung (1996:275) aanvoer dat Aten, die *sonskyf*, eers in die Nuwe Koninkryk as 'n god aanbid is.

In Dinastie XVIII word meer van Aten gehoor. Hy word waarskynlik gedurende die bewind van of Thotmoses III of van Ig. se seun Amenhotep II deel van die Egiptiese panteon. Aten verskyn as oorlogsgod op 'n gedenksteen van Totmoses IV. Aten word ook deur Amenotep III geëer; een van die benaminge wat dié koning aanvaar het was *Glans van Aten,* maar dit is sy seun Amenotep IV, koning van Egipte in die veertiende eeu vC, wat Aten as enigste god eer en sy eie naam *Amen-hotep (Amen is tevrede)* verander na *Akh-en-aten (Begunstigde van die Aten).* Akhenaten se naam word onlosmaaklik verbind aan die Amarna Periode, 'n tydperk van revolusionêre veranderinge op die gebied van kuns en godsdiens in antieke Egipte.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Soos Ra was Aten ook 'n songod. Aten is gesien as die verpersoonliking van die lewegewende en alomteenwoordige krag van die sonskyf. Vroeër is Aten uitgebeeld as 'n man met die kop van 'n valk met as hooftooisel die sonskyf. Op 'n stela wat deur Amenothep II aan die voet van die Sfinks van Giza opgerig is (Watterson 2000:156), word Aten uitgebeeld as die sonskyf met twee arms wat die koninklike kartoesj omvou. Die Aten van Akhenaten is uitgebeeld as die sonskyf met strale wat elkeen geëindig het in 'n hand. Sommige van die hande het die *ank*-teken, as simbool van lewegewende krag, vasgehou (Hornung 1996:275).

In die negende jaar van sy koninskap het Akhenaten 'n verandering in die naam van Aten aangebring. 'n Vroeër vorm van die naam lees:

Lank lewe Ra-Horaktie wat hom verheug in die horisonne;

In sy naam van Shu wat Aten is.

'n Later vorm van die naam lees:

Lank lewe Ra, regeerder van die twee horisonne, wat hom verheug in die horison

In sy naam van Ra, die vader wat as Aten gekom het (Watterson 2000:157).

Shu en *Ra-Horaktie* word weggelaat en deur *Ra* vervang. Amen word heeltemal opsy gestoot: sy tempels word gesluit.

Aten word nou 'n drie-eenheid: Ra, die oergod as die vader, Aten, die sigbare sonskyf as die manifestasie van die vader en Akenaten, die seun van Ra en die seun van Aten. Die sentrum van aanbidding was die Tempel van Aten en die Hoërpriester in die tempel is genoem *Hoërpriester van Akenaten* waarvan afgelei word dat die koning self hier aanbid is. Atenisme was 'n baie eksklusiewe godsdiens en Aten-aanbidding was die voorreg van die koning en die koninklike familie. Die gewone Egiptenaar kon alleen toegang tot Aten deur Akenathen verkry en was genoodsaak om Akenathen as persoonlike god te aanvaar. Dit volg logies dat hierdie toedrag van sake nie gelei het tot Aten se gewildheid onder Egiptenare wat 'n kultuur van godsdiensverdraagsaamheid geken het nie. Reeds voor Akenaten se dood is dit al duidelik dat Atenisme aan die sterf is en wanneer Smenkare

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die troon na Akenaten bestyg, doen hy niks om lewe in Aten te probeer blaas nie. Hy maak weer vrede met Amun en ander "ou" gode. Hy word opgevolg deur Tut-ank-Aten (*lewende ewebeeld van Aten*) wat sy naam verander na Tut-ank-Amun (*lewende ewebeeld van Amun)* en wat Amun weer in ere herstel (Watterson 2000:157).

1.4.22 Ptah

Ptah was een van die oudste gode van Antieke Egipte en is waarskynlik oorspronklik as 'n fetisj aanbid in die gebied wat later Memfis sou word. Die vroegste gode wat in Memfis aanbid is, was Ta-taten *(die verhewe land)*, die aardgod, en Sokar, 'n god van die dooies (Bunson 1991:209). Toe Ptah as een van die gode van Memfis aanvaar is, het hy saamgesmelt met Ta-taten en Sokar en so 'n aardgod geword wat ook met die dooies en begrafnisrites geassosieer is. By Memfis is hy aanbid as die skeppergod wat voor Nun en die Oerheuwel ontstaan het en is genoem Ptah-Nun en Ptah-Ta-taten.

Waarskynlik is die leerstellings van Memfis reeds teen die begin van die Egiptiese geskiedenis vasgelê. Toe Memfis in 3100 vC die hoofstad van die verenigde Egipte geword het, moes die koning verseker dat dit die politieke en godsdienstige hoofstad van die land word. Een manier om dit te verseker, was om Ptah tot staatsgod van Egipte te bevorder.

Ptah word gewoonlik uitgebeeld in menslike vorm en in 'n mummiekleed sonder enige teken van ledemate (Hornung 1996:281). In sy hande, wat deur die mummiebindsels steek, dra hy die *waas*- en die *djed*- tekens wat onderskeidelik heerskappy en stabiliteit versinnebeeld. Somtyds word hierdie simbole afgewissel deur die tekens van koningskap, die haak, die vleël en die *ankh*-teken. Hy het 'n wigvormige baard en 'n kaalgeskeerde kop en dra soms 'n hooftooisel van 'n ronde skyf tussen twee pluime, soos die kroon wat somtyds ook deur Osiris gedra is. Sy skouers word bedek deur 'n breë kraag, die *Menat* (Bunson 1991:209), en om sy nek dra hy die vrugbaarheids-amulet, die *menat.* Hy staan gewoonlik op 'n voetstuk wat gevorm is soos die hieroglifeteken vir *ma'at.* Ptah is ook in diervorm aanbid. Soos baie ander Egiptiese gode was Ptah ook deel van 'n gesin. Sy vrou was Sekhmet en sy seun Nefertem (Watterson 2000:163).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Reeds in pre-historiese Egipte is die bul as simbool van viriliteit en vrugbaarheid gesien en in die omgewing van Memfis is die bul as heilig beskou. Toe Ptah god van dié stad geword het, is die plaaslike heilige bul *Hap* of *Hapi* (*Apis* in Grieks) as manifestasie van Ptah gesien. Die heilige bul moes aan sekere sigbare vereistes voldoen. Op sy sy moes hy 'n wit halfmaan hê en op sy voorkop moes 'n wit driehoek wees. Indien hy nog 'n wit vlek in die vorm van 'n vlieënde aasvoël op sy rug sou hê, sou hy ongetwyfeld kwalifiseer as heilige (Hornung 1996:275). Indien al hierdie tekens afwesig was, sou 'n swart knop onder sy tong genoeg wees om hom te identifiseer as die uitverkore bul. Daar is geglo dat die Apis-bul deur Ptah by 'n jong vers verwek is sodat hy lewenslank diens in die tempel kon verrig. Op feesdae moes die bul diens doen as orakel wanneer hy in luukse goue klere aangetrek is en as deel van die Ptah-seremonies voor die mense geparadeer is (Bunson 1991:27). Ook die ma van die Apis-bul is tot haar dood deur die priesters versorg. Na haar dood is sy gemummifiseer en in die spesiale galery in Sakkara begrawe as *Moeder van die Apis.* Na sy dood is die Apisbul na 'n spesiale afdeling binne die tempelmure geneem waar dit gebalsem en gemummifiseer is. Apis-mummies is begrawe in spesiale galerye wat later as die *Serapeum* bekend gestaan het. Hierdie naam is afgelei van die naam *Serapis,* 'n god wat 'n samestelling was van Osiris en Apis.

Volgens die intellektualistiese teologie van Memfis het Ptah eers die heelal in sy hart bedink en dit toe met sy tong tot stand gebring. Alle gode en mense is uit sy wil gevorm – 'n skeppingskonsep wat ook aan ander gode toegedig is. Hornung (1992:44) wys daarop dat die songod volgens die Piramidetekste gebruikgemaak het van drie kreatiewe kragte: beplanning en insig *(sia)*, kreatiewe stelling *(Hu)*en magtige towerkrag (*Heka)*. Ander bronne wil ook hê dat die godin Neit die wêreld geskep het deur sewe stellings wat in latere magiese tekste die sewevoudige lag van die skeppergod genoem is. Ptah was meer as skeppergod. Hy sou ook die ambagte tot stand gebring het, en sy hoëpriester is genoem *Heer van die Meesterambagsmanne* (Hornung 1996:281). Verder was hy ook die beskermheer oor konings, en as bron van etiese en morele orde het hy bekend gestaan as *Heer van die Waarheid.*

Die kultus van Ptah was aanvaarbaar solank hy die koning as sy beskermheer gehad het, want die teologie van Memfis het nie 'n groot aantrekkingskrag vir die gewone

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Egiptenaar gehad nie. Teen Dinastie IV het die koning self vir Ra van Heliopolis meer aanvaarbaar gevind, en Ra word staatsgod. Intussen het Osiris ook al hoe meer gewildheid onder die gewone mense geniet en teen die einde van die Ou Koninkryk het ook Ptah se ster verskiet. Sy kultussentrum Memfis het sy aansien verloor toe die konings van die Middelkoninkryk eers vir Lisht en later vir Thebes as nuwe hoofstad ontwikkel. Tog het Memfis as administratiewe stad en as setel van koninklike resedensie altyd 'n toonaangewende stad in antieke Egipte gebly (Watterson 200:166).

Alhoewel Ptah nie die gewildste en toeganklikste van die Egiptiese gode was nie, moes daar tog baie mense wees wat toegang tot hom gesoek het en reaksie op hulle versoeke verwag het. By sy tempel in Memfis en ook by die tempel by Deir el-Medina by Thebes is 'n groot aantal votiefstene gevind met die vorm van ore daarop gekerf waarin mense versoeke tot hierdie god gerig het met die verwagting dat Ptah daaraan gehoor sou gee – iets wat die gewone Egiptenaar nie gewoonlik van die staatsgod verwag het nie (Watterson 2000:169).

1.4.23 Sokar

Soos bo aangedui, was Sokar een van die gode wat reeds in die pre-historiese tyd in die omgewing van Memfis aanbid is. In een stadium is geglo dat hy geïnkarneer is as 'n valk. Om hierdie rede is hy uitgebeeld as 'n man met die kop van 'n valk. In die Ou Koninkryk is hy sittende op 'n troon uitgebeeld met die *waas*-septer en die *ankh*-teken in sy hande. In die Nuwe Koninkryk neem hy die vorm aan van 'n valkkopmummie wat 'n vleël, die haak en die *waas*-septer vashou.

Een van die vroegste funksies van Sokar was dié van beskermheer van die ambagslui – 'n funksie wat deur Ptah oorgeneem word en wat Sokar met die kleiner rol as beskermheer van goudsmede gelaat het. Verder was hy ook reeds van vroeg af die beskermgod van die Memfis nekropolis en is hy veral geassosieer met die duisternis en die verganklikheid van die graf (Bunson1991:250).

Waarskynlik is daar geen mites wat Sokar met regenerasie assosieer nie en was die primêre simbool van die realiteit van die dood. Hy word nooit met 'n vroulike metgesel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitgebeeld nie (Tobin 1989:44). Die kultussentrums van Ptah en Sokar is na aan mekaar gebou. Dit het daartoe gelei dat die Ptah priesters waarskynlik ook ampte in die Sokar tempels vervul het. Vroeg in die Ou Koninkryk het die Ptah priesters daarop aanspraak gemaak dat Sokar uit Ptah se hart en verstand geskep is. 'n Samesmelting van die twee staan bekend as *Ptah-Sokar*. Ook tussen Osiris en Sokar (Hornung 1996:183) is ooreenkomste: beide is landbougode wat met die dood geassosieer word. In die Middelkoninkryk is Ptah-Sokar bekend as *Ptah-Sokar-Osiris* en in sommige lyste as *Ptah-Seker-Asar*. In die Nuwe Koninkryk is hierdie god veral gewild. Hy word meermale uitgebeeld as 'n hurkende manlike figuur met 'n skarabee op sy kop wat wys dat ook hy skeppende magte het soos die god Khepri (Bunson 1991:250).

1.4.24 Sekhmet

Die Triade van Memfis het bestaan uit Ptah, sy vrou Sekhmet en hul seun Nefertem. Sekhmet was 'n paradoksale godin. Sy word meestal uitgebeeld met die kop van 'n leeu en is geassosieer met brand en oorlog maar ook met genesing en die wegdryf van plae (Hornung 1996:282). Haar afbeelding op die mure van die tempels van koning Sahure (2458-2446 vC) is deur sommige mense beskou as 'n bron van genesing. Dokters het later bekend gestaan as *Priesters van Sekhmet*. In direkte teenstelling hiermee word sy uitgebeeld met 'n sonskyf as hooftooisel wanneer sy as manifestasie van die woedende *Oog van Ra* sonstrale uitstuur waarmee die vyande van Ra vernietig is (Bunson 1991:239).

Sekhmet word ook geïdentifiseer met verskeie ander godinne soos Hathor, Bastet, Mut en Pakhet. In die oorspronklike weergawe van hoe die *Oog van Ra* die vyande van die songod vernietig, word die rol van Sekhmet deur Hathor vertolk. Bastet, die katgodin, is 'n baie simpatieker weergawe van die leeukop Sekhmet. Mut is ook soms uitgebeeld as 'n leeugodin. Toe die kultus van Sekhmet gewild geword het, het Amenhotep III byna ses-honderd sittende beelde van Sekhmet in die tempel van Mut by Karnak laat oprig (Watterson 2000:173).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.4.25 Anubis

Anubis word gewoonlik uitgebeeld as 'n man met die kop van 'n jakkals, maar uitbeeldings in volledig dierlike vorm gee die beeld van 'n dier wat meer na 'n hond, wolf of 'n vos lyk.

Verskillende ander Egiptiese gode soos Duamutef en Wepwawet manifesteer ook in die gedaante van die jakkals. In Egipte was jakkalse se natuurlike omgewing die rand van die woestyn. Watterson (2000:174) wys daarop dat jakkalse selfs vandag in die suide van Egipte daar 'n algemene verskynsel is. Die rand van die woestyn was ook die plek waar die Egiptenare hulle dooies begrawe het. Uit vrees vir die skade wat die snuffelende jakkalse aan grafte en ontslapenes kon aanbring, het die Egiptenare waarskynlik om die negatiewe kragte van die jakkalse te neutraliseer, gebruik gemaak van wat Bunson (1991:128) *sympathetic magic* noem, deur die jakkals te vereer.

Van hierdie jakkalsgode was Anubis die belangrikste. Hy is reeds vanaf 'n baie vroeë stadium reg deur antieke Egipte vereer en word ook reeds van vroeg af geïdentifiseer met 'n ouer god, *Imy-wt,* wat geassosieer is met die balseming van die dooies. Anubis het Osiris voorafgegaan as die god van begrafnisse en *Regter van die Dooies.* In verskillende *mastaba*-grafte is gebede vir die lewe na die dood gerig aan die adres van Anubis as die god wat die afgestorwene op hierdie reis sal vergesel (Watterson 2000:175).

In die Piramidetekste word Anubis beskryf as'n seun van Ra en word aan hom 'n dogter, die godin van varsheid gegee. Met Osiris se opkoms as hoofgod oor die dooies, verloor Anubis hierdie twee eienskappe wanneer hy 'n plek in die Heliopolisteologie kry as die buite-egtelike kind van Osiris en Nepthys en as die getroue beskermer van Isis. Volgens die priesters het Anubis die lyk van Osiris in verbande toegedraai en so die eerste mummie gemaak en outomaties die beskermgod van almal wat met balseming gewerk het, geword. Hy het titels gedra wat gewys het op die kardinale rol wat hy nie alleen as die begrafnisgod van die konings nie, maar ook by die begrafnisrites van die gewone mens gespeel het; *Hy-wat-gesetel-is-op-die-berg* (vanwaar hy 'n ogie oor die grafte kan hou), *Heer van die Nekropolis; Hoof van die Heilige Pawiljoen* (waar mummifikasie plaasgevind het) en *Hy-wat-aan-die-mummiebindsels-behoort* (Bunson 1991:26). Maar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ook na die versorging van die liggaam van die afgestorwene het Anubis 'n rol gehad om te speel. By die ritueel van die *Oordeel oor die Dooie* by sy aankoms in die lewe na die dood, was dit Anubis wat die skaal waarop die hart van die dooie geweeg is en wat sy lot sou bepaal, moes lees. Anubis se uitspraak is sonder vrae van Osiris en die Assessorgode aanvaar (Watterson 2000:174).

1.4.26 Neit

Volgens die Esna Skeppingsmite (waarna in die beskrywing van Khum verwys sal word) het die dubbelslagtige Neit uit die oerwater verrys en die oerheuwel bedink en daarna tot stand gebring deur dit by die naam te noem. Hierdie heuwel sou later die land word waarop Esna gebou is. Hierna het sy op die heuwel gaan sit en rus. Toe het sy lig en die gode geskape en die geboorte van 'n kind, die son, aangekondig. Toe die son verskyn het, kon sy die heuwel verlaat en na die res van Egipte gaan. Sy het haar in Sais gaan vestig, wat haar kultussentrum was (Watterson 2000:181).

Neit-aanbidding het reeds op 'n baie vroeë stadium algemeen voorgekom in die Delta en in Laer Egipte waar sy beskou is as die Groot Moedergodin, die beskermer van Egipte. Sy is uitgebeeld met die *Nt*-kroon as hooftooisel – die simbool van opperheerskappy oor Noordelike Egipte – en met pyle en boë in haar hande. Soms is sy uitgebeeld waar sy besig is om vir Sobek, die krokodilgod, wat in sommige eras as haar seun beskou is, te borsvoed (Bunson 1991:187). Sy word ook geassosieer met Khnum, (wat sy haar deputaat as Skeppergod gemaak het), met Osiris (as een van die vier godinne wat sarkofae en kanopiese kruike beskerm het) en met Amunet (die oergodin van Hermopolis).

Alhoewel Neit self vroeg reeds in die Egiptiese panteon 'n belangrike figuur was, het sy eers op 'n laat stadium die hoogtepunt van haar gewildheid bereik toe die stad Sais teen ongeveer 664 vC gedurende die heerskappy van Dinastie XXVI konings die hoofstad van Egipte geword het. Die grafte en tempels van die sg. *Saite*-konings is gebou in die omgewing van die Tempel van Neit, wat nog die beskermgodin van Sais was. Met die toename in aansien van die stad en die oplewing op die gebied van kuns, letterkunde en argitektuur wat eie was aan hierdie periode, het ook haar gewildheid en aansien

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toegeneem. Hierdie gewildheid en aansien het die Persiese inname van Egipte teen 525vC oorleef. Selfs die Masedoniese Grieke wat die Perse in 323 vC uit Egipte verdryf het, het Neit geidentifiseer met Athena, hulle godin van wysheid (Watterson 2000:181).

1.4.27 Thoth

Thoth was 'n god wat in die vorm van 'n heilige ibis (*Ibis religiosa*) of 'n bobbejaan vergestalt is. Hy is gewoonlik uitgebeeld as 'n man met die kop van 'n ibis en'n rietpen in die hand. Hy was 'n maangod, die boodskapper van die gode en beskermheer van skrif en van al die skribente en die bemiddelaar in die stryd om die Egiptiese kroon tussen Seth en Horus (Hornung 1996:284).

Die kultus van Thoth kan ten minste tot in Dinastie I teruggevoer word, hoewel daar op leiklippalette uit die predinastieke periode aanduidings is dat hy toe alreeds bekend was. Baie min inligting oor die herkoms van Thoth is bekend; een antieke legende maak hom die seun van Horus wat uit die voorhoof van Seth ontstaan het.

In vroeë dinastieë was die sentrum van sy kultus die Middel-Egiptiese *Khemenu* (*Dorp van Agt*). By sy aankoms in Khemenu het hy verskillende antieke goddelikes aangetref wat hulle reeds hier tuisgemaak het: 'n haas, 'n bobbejaan, vier paddas en vier slange – die agt stuks na wie die dorp vernoem is. Algou het Thoth hierdie inheemse gode geassimileer of vervang. Wenet, die haasgodin wat somtyds as 'n bose gees van die Onderwêreld gefigureer het, het feitlik verdwyn, en die bobbejaan het die voorstelling van die gees van Thoth geword en is in sy kultus opgeneem (Watterson 1996:182).

Die kultus van Hermopolis het die skepping verklaar as die voortbring van die songod deur vier pare manlike en vroulike oerkragte: Nun en Nunet, die manlike en vroulike verpersoonliking van die oerwaters, Heh en Hehet, die paar wat die oneindige ruimte verpersoonlik; Kek en Keket wat duisternis verpersoonlik en Amun en Amunet wat die onsigbare lug verpersoonlik het. In Khementu is geglo dat hierdie die oudste gode in die wêreld is, dat hulle die oerheuwel geskep het sodat hulle seun die Songod daarop kon rus en dat hulle die vloei van die Nyl en die daaglikse opkoms van die son verseker het. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vier manlike gode van hierdie agttal is altyd uitgebeeld met paddakoppe, en die vier godinne het slangkoppe gehad (Freeman & Ray 2000:84).

Thoth was die skribent en boodskapper van hierdie groep gode, en aan hom is die belangrike taak van administrasie van die wêreld opgedra (Meeks & Meeks 1996:100) . Boweal was hy die god van wysheid en is geassosieer met alles wat te doen gehad het met kuns en die wetenskap. Die uitvinding van skrif word aan hom toegeskryf. In 'n burokratiese samelewing soos antieke Egipte, het skribente hoë aansien onder alle lae van die bevolking geniet, dus sal Thoth se prestige en gewildheid sekerlik ook toegeskryf kan word aan sy rol as god van die skribente. Hy was immers die grootste skribent van almal: hy sou eiehandig twee-en-veertig boeke geskryf het wat saam al die wysheid in die wêreld bevat het. Aangesien tyd deur die stand van die maan bepaal is en Thoth 'n maangod was, was hy die meester van kronologie en berekeninge. Maar hy was ook 'n koninklike god, wat saam met Horus die koning moes reinig deur voor seremonies water op hom uit te keer (Assmann 2001:81).

Thoth het 'n belangrike rol gespeel in die mitologieë van verskeie ander gode. In Memfis het hy bekend gestaan as die tong van Ptah. In die Heliopolis teologie was hy die verstand en die tong van Ra, en as sodanig was hy die instrument waardeur die skepping plaasgevind het (Meeks & Meeks 1996:100). Die maandelikse afname en groei van die maan is gesien as die herstel van die Oog van Ra deur Thoth. Hierdie oog is naas die Oog van Horus een van die heiligste simbole van Antieke Egipte (Bunson 1991:225). In die Osiris legende is dit Thoth wat vir Isis leer hoe om die stukke van Osiris se opgekapte liggaam weer in so 'n mate te herstel dat hy weer in staat is om 'n kind te verwek, en dit is ook Thoth wat Isis help om die gif uit haar seun Horus se liggaam te kry. Uiteindelik tree hy ook op as bemiddelaar in die vergadering van gode wat uiteindelik finaal die stryd tussen Horus en Seth moet besleg as hulle moet besluit wie Osiris se regmatige troonopvolger is. In die Osiriese weergawe van die *Oordeel van die Dooies* speel Thoth en sy alter ego 'n belangrike rol waar hulle bystaan wanneer die hart van die dooie deur Anubis geweeg word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 'n wêreld waar konflik telkens deur brute krag opgelos is, het Thoth soms sy wysheid onbehoorlik aangewend, en as god van skrif het hy meermale hierdie gawe gebruik om die mag oor ander gode te kry. Verder het sy kennis hom blykbaar meewarig en by tye pedanties, opgeblase en vervelig gemaak (Meeks & Meeks 1996: 102). As Ra hom stuur om Isis met haar siek kind te gaan help, raak hy so meegevoer met sy eie stem en eie wysheid dat Isis vir hom sê: *Hoe wys is jou hart, Thoth, maar hoe stadig is jou besluite!"*

Sesjat was die vroulike pasmaat van Thoth; soms is daar na haar verwys as sy dogter en soms as sy vrou. Sy was nooit 'n godin van die gewone mense nie; sy het bekendgestaan as die godin van skrif en boeke, die houer van koninklike annale en die godin wat tyd gemeet het. Dit is ook sy wat die koning gehelp het om die fondamente van tempels uit te meet. In sommige streke het sy bekend gestaan as die *Meesteres van die Argitekte.* Sy word geassosieer met die *Persea*-boom waarop die naam van elke koning by sy kroning opgeteken is (Bunson 1991:243).

1.4.28 Khnum

Ook Khnum was een van ou die gode wat reeds in predinastieke tye in die omgewing van die Eerste Katarak op die grens van suidelike Egipte aanbid is. Sy kultussentrum was geleë op *Elefantine* in die middel van die Nyl (Hornung 1996:278). Khnum is ook geassosieer met die Nyl; Antieke Egiptenare het geglo dat die Nylvloed in 'n heilige poel van Elefantine ontstaan.

Hy is oorspronklik aanbid in die gestalte van 'n plathoringram en is uitgebeeld as 'n man met die kop van 'n ram of as 'n ram; 'n simbool van voortplanting. Khnum is beskou as die skepper van lewe. Op sy pottebakkerswiel sou hy die groot kosmiese eier boetseer en daarna Osiris en alle ander skepsels. Hy word uitgebeeld as die ramkopman wat besig is om 'n mens en sy *ka* op 'n pottebakkerswiel te vorm; vandaar ook sy naam *Die Pottebakkergod* (Bunson 1991:137). Nadat elke mens gemaak is, word aan hom 'n spesifieke lewensduur toegestaan. Hierdie lewensduur is gepersonifieer as *Shay* of *Dit-wat-beskik-is.* As 'n goddelike het Shay twee metgeselle gehad, die godinne van die noodlot Meskhenet en Renenutet. Wanneer Khnum uiteindelik moeg word van mense

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maak, plaas hy 'n pottebakkerwiel in die skoot van alle vroulike skepsels en dra hy so sy skeppingskragte aan hulle oor (Watterson 2000:189).

Khnum het drie gemalinne gehad: Heket, Anukis en Satis.

Heket was 'n godin van vrugbaarheid en regenerasie. Haar oudste kultussentrum was ook Elefantine waar sy as die vrou van Khnum beskou is. Wanneer die Nyl die land oorstroom het, het paddas verskyn en dus gedien as aankondigers van 'n seisoen van oorvloed (Bunson 1991:110). Die feit dat sy as padda uigebeeld word, dui op haar regenerasiekragte wat sy dan ook gebruik om Osiris uit die dood op te wek maar haar hooffunksie was dié van godin van kindergeboorte en vroedvrou by koninklike geboortes (Watterson 2000: 192).

Anukis was die godin van die katarak op die suidelike grens van Egipte en word gewoonlik uitgebeeld as 'n vrou met 'n hooftooisel van vere, moontlik dié van 'n rooi papegaai, wat daarop kan dui dat sy oorspronklik uit die Soedan kan kom, waar sulke voëls voorkom. Sy was gewild gedurende die grootste deel van die antieke Egiptiese geskiedenis en veral in tye wat die Egiptenare gebiede benede die Katarakte beset het (Bunson 1991:27).

Satis was Khnum en Anukis se dogter en vervang later vir Heket as gesellin van haar vader. Sy word uitgebeeld as vrouefiguur met 'n hooftooisel wat saamgestel is uit die Wit Kroon van Bo-Egipte en twee gaselhorings. Ook gaselle word in die Soedan aangetref, en hierdie horings in haar hooftooisel kan ook dui op haar herkoms. Satis word verenig met Sotis wat as hooftooisel 'n vyf-puntige ster dra en wat geëer is as die godin van die Nylvloed. Op haar beurt smelt Sotis weer saam met Isis en staan gedurende die Laat Periode bekend as *Isisotis* (Watterson 2000:192).

1.4.29 Min

Min-aanbidding was algemeen deur al die eras van antieke Egiptiese geskiedenis.Vanaf die vroegste tye is Min by *Gebtu* (Koptos) en *Khent-Min* (Akhmin) aanbid as die beskermgod van diegene wat deur die woestyn moes reis, jagters, nomade, en mynwerkers en ook as bewaker van vrugbaarheid en die oeste (Hornung 1996:279). As

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

god van die woestyn is hy ook geassosieer met die donder, wat volgens die Antieke Egiptenare uit die woestyn afkomstig was (Bunson 1991:170).

As god van vrugbaarheid is Min aanbid in die gestalte van 'n heilige wit bul aan wie blaarslaai (vanweë hierdie groente se gewaande geslagsprikkelende eienskappe) gevoer is. Die Min-kultus het groot klem geplaas op voortplanting en vrugbaarheid, en dis te verstane dat Min in 'n landbouland soos Egipte groot gewildheid sou geniet. 'n Baie gewilde fees was dan ook die *Fees van die Verskyning van Min* aan die begin van die oesseisoen wanneer die kultusbeelde van Min uit die tempels gebring is (Watterson 2000:195).

Die beelde van Min wat by Koptos ontdek is, word beskou as die oudste vorm van massiewe beeldwerk in Egipte. Hy word gewoonlik uitgebeeld as 'n man wat regop staan maar sy bene word nooit gesien nie. Een arm wat by die elmboog gebuig is, word uitgestrek met 'n oop hand waaroor 'n dorsvleël sweef. Die ander arm word verberg onder 'n kleed wat net sy groot erekte penis sigbaar laat. Alle liggaamsdele wat nie deur klere bedek word nie, is swart geverf as kleur van die vrugbare Nylgrond en dus simbool van regenerasie (Watterson 2000:193).

1.4.30 Montu

Montu was oorspronklik 'n songod wat in die vroegste periodes in die omgewing van Thebes in die Bo-Koninkryk aanbid is (Hornung 1996:279). Sy kultussentrum was *Iuny* waar hy in die vorm van die *Boekis*bul aanbid is. Daar is geglo dat hierdie bul siektes, en veral siektes van die oë, kon genees. Die bul was waarskynlik swart maar daar is geglo dat sy kleur elke uur van die dag kon verander. So 'n bul het veral uitgestaan vanweë sy krag en sy woeste en wilde geaardheid (Watterson 200:199).

Onder die konings van die Dinastie XI wat waarskynlik afkomstig was uit die omgewing van *Iuny* , word hy bevorder tot beskermgod van die Egiptiese koning. Dit maak dus van hom een van die hoofgode van Egipte van daardie tyd, en hy word in besonder geassosieer met oorlog. Hierdie konings bou nie alleen vir hom tempels nie, maar sluit ook sy naam by hul eie in; vier konings van Dinastie XI word genoem *Montu-hotep*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Montu-is-tevrede) (Watterson 2000:196). Hy is uitgebeeld as 'n man met die kop van 'n valk met 'n sonskyf omring deur twee pluime as hooftooisel. Hy word as oorlogsgod dikwels gelykgestel met Horus en word ook soms *Horus-met-die-sterk-arm* genoem (Bunson 1991:171). Vroeg in die Middelkoninkryk word hy geassosieer met Ra en die twee gode smelt saam en word as Mont-Ra aanbid in die vorm van 'n valkkop man of as 'n bul.

Alhoewel Montu onder latere konings soos Toetmoses III gewild gebly het as oorlogsgod, het sy gewildheid as hoofgod getaan toe Amun tydens die heerskappy van die Dinastie XII konings hierdie posisie oorgeneem het.

1.4.31 Bastet

Bastet was 'n Antieke Egiptiese godin wie se kultussentrum *Bast* was. Bast het die roetes van Memfis na Sinai beheer en was dus strategies belangrik. Gedurende Dinastie XXII het Bast ook polities belangrik geword omdat die konings van hierdie dinastie oorspronklik van Bast afkomstig was. Hiermee saam verhoog dus ook die status van Bastet as plaaslike beskermgodin van die konings (Watterson 2000:203).

Haar teofanie was die huiskat. Die Antieke Egiptenare was gefassineer deur katte. Teen 4000 vC reeds is katte al as huisdiere aangehou. Die Egiptiese woord vir die huiskat is *miv* wat ook die troetelnaam is wat aan klein dogtertjies gegee is (Freeman 1997:65). Bastet is gesien as die beskermer van swanger vroue en was ook die beskermvrou van musiek en dans. Sy is gewoonlik uitgebeeld as 'n vrou met die kop van 'n kat wat 'n *sistrum* ('n musiekinstrument wat gebruik is in kultusprosessies en wat veral gewild was in die kultus van Hathor) en 'n *ankh* (simbool van die ewige lewe) in haar hande gehou het. Sy sou mense beskerm teen siekte en bose geeste en sy is gesien as die verpersoonliking van die warm strale van die son (Bunson 1991:43).

Bastet was 'n geliefde godin. Haar feeste by Bast is baie goed bygewoon en het gepaardgegaan met optogte en baie vrolilkheid. Die hoogtepunt van die fees was 'n reusagtige parade: ... *on that day few Egyptians were sober* (Bunson 1991:43). Die tallose Bastetfigure, waarvan sommige van die fynste vorm van Egiptiese kuns is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Freeman 1997:65) spreek van hierdie gewildheid wat bly voortduur tot in die Grieks-Romeinse periode toe Bastet deur die Romeine uitgedra is na Italië waar sy vereer is met pragtige klere van sy, linne en goud (Watterson 2000:203).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2 AFDELING 2: GODE EN MENSE

2.1 Ontmoeting

2.1.1 Afstand

Die Antieke Egiptenare het geglo dat gode en mense in 'n oerstaat op aarde vreedsaam saamgewoon het en regeer is deur die songod Ra. Hierdie harmonie is egter onomkeerbaar vertroebel deur die mens se opstand. In verskillende Nuwe-Koninkrykse koninklike graftekste word die mite van die *Hemelse Koei* vertel (Erman 1927:47), die verhaal van die mens se opstand teen Ra.

> *Dit het gebeur dat Ra, die selfgeskape god (*verrys het),
> *nadat hy koningskap beklee het*
> *toe mense en gode nog saam was.*
> *Toe het die mense teen Ra saamgesweer.*
> *Sy majesteit was oud:*
> *Sy bene was silwer,*
> *sy ledemate was goud,*
> *sy hare was egte lasuursteen*
> *Sy majesteit het gesien*
> *hoedat die mense teen hom saamgesweer het.*

'n Vergadering van gode word bymekaar geroep en daar word besluit dat Hathor, die *vurige oog* en dogter van die songod, die rebelle sal gaan doodmaak. Dit doen sy, en haar afrekening word sonder veel omhaal van woorde verhaal.

> *Hierdie godin het teruggekeer*
> *nadat sy die rebelle in die woestyn doodgemaak het.*

Om te voorkom dat Hathor die totale mensdom verwoes, word haar aandag vervolgens afgelei deur rooi gekleurde bier. Ra erken: *My hart is te moeg om by hulle te wees*, en dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lei tot die skeiding tussen die hemelruim en die aarde en tussen mense en gode. Shu en agt goddelike helpers verhef die hemelruim in die vorm van 'n koei op wie se rug die songod die aarde verlaat en al die gode met hom saamneem. Die mensdom op aarde word aan hulle lot en bakleierigheid oorgelaat: ... *en so het slagting onder die mensdom begin* (Assmann 2001:115).

2.1.2 Kontak

Heerskappy oor die aarde laat Ra nou sy seun Shu oor wat bemiddelaar word tussen die menslike en die goddelike sfere. Die gode trek die hemel in en laat ruimte op aarde vir 'n spesifieke menslike sfeer van aktiwiteit en verantwoordelikheid: die staat. Die staat funksioneer soos 'n *kerk* deur die leemte wat deur die gode se afwesigheid ontstaan, met 'n simboliese teenwoordigheid te vul (Assmann 2001:18).

Ten spyte van die gode se verwyderheid is daar is aanduidings dat geglo is dat antieke Egiptiese gode tog ontmoet kon word. Dit was egter net op beperkte skaal op plekke waar die wêreld van die mense en die wêreld van die gode bymekaargekom het soos bv. in die geval van die *Skipbreukelingmatroos* (Lichtheim 1973:211) op 'n verlate eiland. Die matroos beskryf sy ontmoeting:

Toe hoor ek die geraas van donder; ek het gedink dit was 'n golf van die see; bome het gekraak en die aarde het geskeur. Ek het my gesig ontbloot en gesien dit is 'n slang wat aangekom het. Dit was dertig el lank en sy baard was langer as twee el. Sy vlees van goud en sy wenkbroue was van egte lasuursteen (Lichtheim 1973:212).

Verder sou gode hulle ook in drome of visioene aan mense geopenbaar het. Die bekendste van hierdie drome of visioene is waarskynlik dié van die Nuwe Koninkryk se konings. 'n Bekende voorbeeld hiervan is die visioen wat Toetmoses IV as jong prins sou gehad het toe hy een middag in die skadu van die Groot Sfinks van Giza gelê en slaap

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het. Uit die mond van die Groot Sfinks het hy *hierdie persoon van hierdie edele god hoor praat met sy eie mond soos 'n vader praat met sy seun*...(Hornung 1996:130).

Toegang tot die gode is deur die tussentrede van 'n middelman bewerkstellig. Navorsers is dit eens dat reeds in die Predinastieke periode die hoofman die rol van middelman tussen gode en mense vertolk het. Hierdie rol het saam met leierskap gegroei en is outomaties na die farao oorgedra wat nie alleen 'n skakel tussen die menslike en die goddelike samelewing was nie, maar ook 'n integrerende element van beide sonder wie nie een van die twee kon funksioneer nie (Silverman in Shafer 1991:67).

2.1.2.1 Konings

Histories kan die koningskap van Bo- en Benede-Egipte teruggevoer word na die begin van die Eerste Dinastie. Mitologies het koningskap begin by die skepping toe die songod Amun-Ra die eerste koning van die skepping geword het. Koningskap was dus 'n integrale deel van die samestelling van die kosmos en mitologies is alle konings as afstammelinge en wettige opvolgers van die skeppergod beskou.

Grafies kan die mitiese antieke Egiptiese troonopvolging soos volg uitgebeeld word:

Atum-Ra

(skeppergod en skepper van koningskap)

Geb

Osiris

Horus

(wettige troonopvolger na sy oorwinning oor Seth)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Koning van Bo- en Benede-Egipte

(sterflike opvolger en inkarnasie van Horus)

Die twee primêre voorvaders van die Farao, die skeppergod Atum-Ra en die aardgod Geb, was beide simbolies van voortplanting en regenerasie, en sowel die mitiese assosiasie wat die koning hiermee gehad het as sy goddelike herkoms, het van hom 'n magtige en bevoorregte persoon gemaak (Tobin 1989:91).

Hornung (1992:162) beweer: *In the religious drama of history the only real players are the pharaoh and his enemies*. In hierdie drama vertolk die farao die rol van die songod Ra wat die koning met 'n spesifieke doel op aarde geplaas het:

> *Ra het die koning*
> *in die land van die lewendes geplaas,*
> *vir ewig en ewig*
> *om die mensdom te oordeel*
> *en die god tevrede te stel*
> *om Ma'at te realiseer en Isfet te vernietig.*
> *Hy (*die koning) *gee offers aan die gode*
> *en grafoffers aan die afgestorwenes.*
> (Assmann 2001:3)

Die Antieke Egiptiese persepsie van die koning as god was nie staties nie en het gedurende die meer as drie duisend jaar van Egiptiese geskiedenis verandering ondergaan. Die goddelike beeld wat die koning gehad het, word gereflekteer in die benaming wat aan konings gegee is. Vanaf die vroegste tye verwys die epiteton *netjer* direk na die koning as 'n god. Die koning is ook genoem *s R (seun van Ra)*, en later is ook titels soos *tjt (beeld van 'n god)* bygevoeg. Vanaf die Middel Koninkryk word titels gebruik wat wys op die son-karakter van die koning bv. *Hy-wat- die-twee-lande verlig* en *Die-seun-van-die- mens-wat-die-duisternis-uit-Egipte-verdryf.* Somtyds is ook na die koning verwys as *mj* (*soos)*'n god. In alle geskrewe materiaal is die naam van die koning

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

anders as dié van die gewone mense geskryf. Koningsname en die name van koninklikes was gewoonlik die enigste wat geskryf is binne'n kartoesj (Silverman in Shafer1991:5). Daar was nogtans onvermydelike verskille tussen die koning as god en die gode. Anders as gode was die koning sterflik het 'n graftempel nodig gehad om vir hom 'n lewe na die dood te verseker. Gewone gode het nie grafte gehad nie. Hulle kon wel oud word maar, soos reeds in die vorige afdeling aangetoon is, is daar is baie min gesê oor hulle dood. Nog 'n verskil lê in die aard van die menslikheid van gode en konings. Gode is vermenslik maar hulle het konstant gode gebly. Die koning kon as gewone mens aktief in die menslike wêreld rondbeweeg maar kon ook in die wêreld van die gode funksioneer. Die gode het aan 'n onsigbare wêreld behoort en het alleen op aarde verskyn in die sigbare simboliese uitbeeldings van klip en klei. Waar die koning sy onsterflikheid moes verdien, was gode van nature onsterflik (Silverman & Shafer 1991:63).

Knapp (1988:102) wys daarop dat die Egiptenare waarskynlik goed onderskei het tussen die goddelike amp van die monarg en sy persoonlik menslike aard. In populêre literatuur word die farao trouens uitgebeeld as mens wat eet en drink, oud word en sterf. Moontlik juis omdat die menslikheid van die farao so algemeen aanvaar is, was dit nodig om sy goddelikheid te beklemtoon. In die ikonografie rondom die koning, in die simboliek van sy kleredrag en hooftooisels en in die name, titels en in epitetone wat rondom hom as farao ontwikkel is, word sy goddelikheid beklemtoon (Brewer & Teeter 1999:69).

'n Duidelike illustrasie van die gewone mens se nugterheid oor die menslikheid van die Koning word weergegee deur Herodotus (1994:139) in sy vertelling rondom ene Koning Amasis, wat as gewone man uit die volk koning geword het *maar dáárvandaan af het hy gedrink en jolyt gehou met drinkebroers, was hy laf en speels,. Sy vriende het hulle daaroor vererg en hom met sulke woorde betig: "O Koning, dis nie reg wat u met u lewe maak om u so aan te veel ydelheid oor te gee nie. Trots gesete op u troon moes u die hele dag deur u sake behartig het, en so sou die Egiptenare geweet het dat hulle deur 'n groot man regeer word en sou u 'n beter naam gehad het; maar nou tree u glad nie soos 'n koning op nie."*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die primêre taak van die koning word saamgevat in die woorde soos hierbo aangehaal

om die mensdom te oordeel

en die god tevrede te stel

om Ma'at te realiseer en Isfet te vernietig.

*Hy (*die koning) *gee offers aan die gode*

en grafoffers aan die afgestorwenes.

Die koning was die uiteindelike effektiewe medium waardeur Ma'at in die staat en op aarde in stand gehou kon word. Sodra hy die troon bestyg was Ma'at weer herstel soos wat dit was by die grondlegging van die aarde. Dwarsdeur sy lewe het hy die lewende simbool van die voortsetting van Ma'at en as hierdie orde onder bedreiging gestaan het, was dit sy opdrag om dit weer te herstel deur gebruik te maak van watter metodes ook al nodig sou wees.

As die seun van Ra en as Horus, die seun van Hathor, het die farao die hemelgode gerealiseer; as Horus, die seun van Osiris, was hy die verpersoonliking van die vrugbare magte van die aarde. Soos Osiris ook gedoen het, het die farao ook na sy dood die kragte wat hy op aarde gehad het, behou. Vir die antieke Egiptenare was die farao dus 'n integrerende simbool in wie se persoon alle aspekte van hulle bestaan saamgevat is; die hemel en die aarde, die staat en die gewone lewe, lewe en dood en die beliggaming van die orde Ma'at wat in alles opgesluit was (Tobin 1989:100).

2.1.2.2 Priesters

Die opdrag wat die koning as priester gehad het *om die mensdom te oordeel en die gode tevrede te stel* (Assmann 2001:4) is gedeeltelik gedelegeer aan priesters en amptenare. Prakties kon die koning self nie al die rituele alleen uitvoer nie, en van sy take is opgedra

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan die priester. Tog is die teologiese leër dat slegs die koning tempels vir die gode kon bou en die rituele in stand kon hou in uitbeeldinge gehandhaaf (Doxey 2001:70). Priesters is somtyds soos die koning aangetrek en het elke tempelritueel begin met die woorde dat dit die koning is wat hulle gestuur het. Die priesters was primêr in diens van die koning en dus het bv. 'n titel soos *Eerste Dienaar van die god van Amun* beteken dat die priester die eerste dienaar was van die *farao*, wat die dienaar van Amun was (Te Velde 1995:1731).

Teoreties het die outoriteit van die priester van hierdie koninklike opdrag gekom eerder as enige ander kwalifikasie soos rituele reinheid, inisiasie, heilige kennis of opvolging. Selfs offers wat deur private persone na grafte gebring is, is aangebied in die naam van die koning. Priesters was dus nie 'n elite wat onderlê was in die teologie nie, maar amptenare wat benewens die rituele ook die verantwoordelikheid vir die bou en onderhou van die tempel en tempeleiendom oorgeneem het.

Daar is wel van die priesters verwag om hulle by die uitvoer van hulle priesterlike pligte aan sekere reinheidsreëls te hou. Priesters het al hulle liggaamshare geskeer, gebad in die tempelmeer wat langs die meeste tempels was en hulle monde uitgewas met soutwater. Hierdie rituele het benewens reiniging ook 'n geestelike element gehad omdat geglo is dat die water gesien is as 'n oerelement waaruit lewe kom. In reliëfuitbeeldinge van hierdie reinigingsritueel word die water wat oor die priesters uitgegiet word, voorgestel deur die hieroglieftekeen wat *lewe* aandui. Die algemeenste titel vir 'n priester was *Die Reine*, en dit wil voorkom asof kinders van elite op 'n sekere ouderdom begin het om sekere reinheidsreëls te volg om later tot die priesterdom toegelaat te word (Doxey 2001:69). Hoewel die senior priesters toegelaat is om te trou, moes hulle vir die duur van hulle diensbeurt asketies lewe. Ook besnydenis is gesien as 'n teken van reinheid en was op 'n stadium 'n vereiste vir priesterskap.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.1.2.2.1 Priesterlike pligte

Antieke Egiptiese priesters kan in verskillende kategorieë ingedeel word op grond van die kultus waaraan hulle behoort het, die streek waarin die tempel geleë was en die historiese periode waarbinne hulle geleef het.

Van die vroegste gedokumenteerde priesters was byvoorbeeld die *hem-priesters (godedienaars* of *profete)* van die Eerste Dinastie. Hierdie priesters is uitsluitlik geassosieer met die tempelkultus en nie met grafkultus nie. Hulle het rituele uitgevoer, offers gebring en aan die ekonomiese aktiwiteite rondom die tempel en die tempelonderhoud deelgeneem. Hulle was van die min bevoorregtes wat tot die verborge ruimtes van die tempel toegelaat is. In die voorbereiding van die offers, die instandhouding van die tempel en die uitvoer van die kultusrituele is hulle bygestaan deur die *wab-priesters (suiwer priesters)* wat nie tot die binneste heiligdom toegelaat is nie. Die *wab priesters* kon later tot volwaardige *hem-priesters* bevorder word.

Die priesters wat die rites en spreuke uitgespreek het in tempelseremonies en by begrafnisse was die *hry-hbt (lektor-priesters).* Hulle word dikwels grafies uitgebeeld met 'n papirusrol in die hand en in die letterkunde word na hulle verwys as wyse manne wat die toekoms kan voorspel. As wyse manne het hulle 'n groot aandeel gehad aan die beoefening van die medisyne en die uitspreek van towerspreuke wat daarmee gepaard gegaan het (Doxey 2001:69).

2.1.2.2.2 Vroue

Die rol wat vroue in die tempels gespeel het, kon met die tyd en van tempel tot tempel wissel. Gedurende die Ou Koninkryk het vrouens meermale priesterlike titels gehad. Gedurende die Middelkoninkryk het hierdie gebruik baie skerp afgeneem. Dit is eers weer in die Derde Tussenperiode hervat. Gewoonlik was vroue die priesteresse by die tempels van godinne soos Hathor en Neith. Koninginne en prinsesse het ook as

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

priesteresse in die begrafniskultusse van hulle vaders of mans opgetree. Tog was die belangrikste rol wat gewone vroue in tempels gespeel het dié van sangers en musikante en in die Middel Koinkryk was dit die enigste funksie wat vroue in tempels verrig het (Doxey 2001:69).

2.1.2.2.3 Tempelpriesters

Tempelrituele is drie maal per dag uitgevoer deur tempelpriesters en het onder andere die volgende behels; seremoniële breek van die heiligdomseëls, gebede en wierookoffers, opwekking en die verwydering van die kultusbeeld uit die heiligdom, reiniging , salwing en aantrek van hierdie beeld, die *Opening van die Mond* ritueel en die aanbied van van voedsel en drank en geskenke aan die beeld. Hierna is die beeld weer in skoon linne toegedraai en teruggeplaas in die heiligdom. Die priester moes die heiligdom met sy gesig steeds na die beeld gedraai verlaat, sy voetspore doodvee en die heiligdom weer seël. Gedurende feeste het priester van belangrike tempels die kultusbeeld op 'n bark of 'n draagstoel na buite, tussen die gewone mense in, gedra. Tydens hierdie geleentheid kon die mense aan die kultusbeeld vrae vra of versoeke rig (Doxey 2001:70).

2.1.2.2.4 Grafpriesters

Alhoewel stela- en tombetonele gewoonlik familielede uitbeeld wat offers aan die dooies bring, is daar ook reeds vanaf so vroeg as die Eerste Dinastie uitbeeldinge van professionele grafpriesters wat aan die private begrafnisrituele deelgeneem het. Tonele uit Ou Koninkrykse tombes beeld priesters uit wat offers bring of wat die begrafnistekste voorlees of die rol vertolk van gode wat geassosieer word met Osiris (Doxey 2001:71).

2.1.2.2.5 Priesters van huisgode en die magiese

Huiskultusse was hoofsaaklik gerig op die beskerming van die huis en die huismense. 'n Geletterde persoon met kennis van die magiese was nodig om hierdie rituele uit te voer. Lektorpriesters, met hulle gespesialiseerde kennis van die godsdienstige tekste, was die aangewese persone om hiermee behulpsaam te wees, en hulle hulp is ook ingeroep vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mediese probleme. Benewens hul kennis en vermoë om die regte gebede en spreuke voor te lees, het hierdie priesters ook die regte amulette vir beskerming en gelukbringers vir seëninge verskaf (Doxey 2001:71).

2.1.2.3 Tempels

Antieke Egipte het meer aandag aan die bou van tempels gegee as enige ander tydgenootlike land. Tempels is hoofsaaklik deur die staat, onder aanvoering van die farao opgerig. Alhoewel tempels 'n politieke funksie gehad het, was die primêre funksie daarvan kommunikasie met die gode (Assmann 2002:17).

Die staat het die administratiewe en die ekonomiese struktuur verskaf waarop tempels gefunksioneer het. Hiervoor was benewens die priesters duisende werknemers nodig. Volgens Brewer (1999:76) was daar in 'n gegewe stadium 81000 amptenare in die diens van die tempel van Amun. Die interafhanklikheid en onskeibaarheid van religie en staat word geïllustreer in die aard van die tempeladministrasie. Baie amptenare het gelyktydig priesterlike en sekulêre administratiewe ampte beklee omdat hulle in diens van die koning was wat ook die hoogste priester in die land was.

Antieke Egiptiese tempels het reeds teen ten minste so vroeg as die middel van die vierde millennium vC bestaan. Die oudste tempels was in die vorm van riethutte en die oorsprong van tempelargitektuur van latere tempels kan teruggevind word in hierdie strukture wat poorte gehad van gebondelde riet, binnehowe en 'n aanbiddingsaltaar. Dis hierdie eenvoudige uitleg wat deur die eeue in feitlik alle tempels op verskillende skaal en in verskillende grade van skouspelagtigheid, herhaal is.

Tempels is na die beeld van die kosmos gebou en was simbool van die kosmos (Assmann 2001: 53). In elke aspek van die tempelstruktuur het simboliek opgesluit gelê. So was die wisseling van hoogte van vloer en plafon meer as net 'n praktiese uitleg. Die gang vanaf

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die ingang van die tempel tot by die heiligdom het opdraande geloop om die opreik van die mens na die god te beklemtoon.Tempels uit die Laat Koninkryk is 'n uitstekende voorbeeld van die vergestalting van die antieke Egiptiese siening van die kosmos. Die kronkelende ringmure rondom die tempelarea simboliseer die golwende oerwater, terwyl die oerheuwel wat uit die water verrys het en waarop die heelal tot stand gekom het weerspieël word in die verhewe basis waarop die tempel gebou is. Twee reuse-ingangstorings simboliseer die horison terwyl ondergrondse grafkelders die doderyk simboliseer. Pilare in die vorm van lotus- en papirusplante, is simbool van die eerste van hierdie plante wat uit die oerwaters gegroei het. Die hemel as blyplek van die gode word simbolies uitgebeeld op die plafon van die tempel.

Hoewel nie alle tempels eenders was nie, was daar tog 'n paar kenmerkende elemente wat by die meeste tempels teenwoordig was. Die meeste tempels het 'n steenringmuur gehad, dan 'n ingang wat somtyds van swaar deure voorsien is, en wat toegang tot die voorhof of ontvangsarea gegee het. Wanneer die tempel tydens sekere seremonies aan die publiek oopgestel is, het hulle in hierdie voorhof voor die hoofingang vergader. Alle ander voorportale, suilgange en kamers het op die hoofingang uitgeloop.

'n Antieke Egiptiese tempelkompleks bestaan uit 'n opeenvolging van ruimtes waarvan die sentrale punt die heiligdom van die belangrikste god van die tempel is. Hierdie heilige plekke is gewoonlik van die res van die tempelkompleks afgesonder deur 'n binnemuur. Die gedeelte tussen die sentrale punt of heiligdom en die binnemuur staan bekend as die binneste periferie van die tempel en bestaan uit die *kultiese kamers.* Buite die muur was die toegangspaaie, administratiewe geboue, priesterwonings en stoorkamers van die ekonomiese eenhede. Hierdie gedeelte staan bekend as die buitenste periferie (Gundlach 2001:366). Ook hierdie ruimte was omring met 'n muur.

Die binneruim van die tempel is gestruktureer in trappe van toenemende heiligheid. Hoe heiliger die ruimte, hoe beperkter was die aantal persone wat daartoe kon toetree. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kultusbeeld of -beelde is gehuisves in die allerheiligste hoofkamers waartoe slegs die koning of 'n sekere priester wat in sy naam verantwoordelik was vir die uitvoer van die kultusrituele, toegang gehad het. In sommige tempels was ook ander kamers waar ook kultusbeelde van ander gode gehuisves is. Gundlach (2001:365) wys daarop dat in sommige tempels ook beelde van konings en ander hoë amptenare gehuisves is. Indien die kultusritueel dit sou noodsaak, was daar ook 'n kamer in die tempel waarin die bark waarop die kultusbeeld in prosessies gedra is, gebêre is. Daar was ook ruimte vir die stoor van ander kultiese voorwerpe, skatte en boeke en vir die slag en voorbereiding van offerdiere en die reiniging van die koning of die priester wat die offers moes maak.

Al die ruimtes in hierdie afdeling is van mekaar afgesluit deur mure. Die goddelike beelde moes beskerm word teen vyandige magiese magte en binne die heiligdom afgesonder word. Afsondering is op twee maniere bewerk; fisies deur die installering van houtdeure en magies deur die aanbring van afwerende tekens op die buitemure en kosyne wat die negatiewe magte sou verhoed om binne te gaan (Gundlach 2001:366). Die koning se titels is ook op deurkosyne aangebring, as teken dat hy alleen die reg tot ingang gehad het. Gange en mure van die tempel is versier met reliëf skilderye, tekste en drie-dimensionele objekte. Soos alle antieke kuns, was ook hierdie versierings en beelde funksioneel van aard.

Die Antieke Egiptiese tempel is 'n fisiese vergestalting van die godsdiens wat daarin bedryf is. In die kern was die mensgemaakte kultusbeeld wat deur magiese rituele tot lewe gebring moes word deur die koning wat as skakel tussen die wêreld van die gode en die wêreld van die mense sentraal gestaan het. Rondom die kultus wat hier bedryf is, is kunsskatte versamel wat vir die oë van gode en konings geskep is, en wat vir die mense buite die mure van die tempel net so ontoeganklik was as die godebeelde in die heiligdom. Maar omdat die heil van die land van staatsaanbidding afgehang het, moes daar kontak tussen gode en mense gemaak word. Om die toewyding en belangstelling van die gewone mens te behou, moes hierdie tempels gevul word met 'n lewe van aanbidding, seremonies, offerandes en feeste.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.1.2.4 Rituele

Die rituele handelinge en die verwoording van die kultus was niks meer as die geartikuleerde uitdrukking van religieuse idees en waardes van Antieke Egipte nie. Dit was nie die inhoud van die godsdiens nie. Die Egiptenare het geglo dat hulle deur kultusrituele die bestaan en teenwoordigheid van die gode versterk het en terselfdertyd die bose en die chaos op 'n veilige afstand gehou het (Assmann 2001:205).

'n Beskrywing van die Antieke Egiptiese kultus as geheel is 'n bykans onmoontlike taak. Kultiese en rituele uitinge was veelvuldig en omdat elke tempel sy eie spesifieke mitiese assosiasie gehad het, het die van tempel tot tempel gewissel. Verder was die komplekse kultusuitinge, soos die res van die antieke Egiptiese godsdiens, ook aan ontwikkeling en evolusie onderhewig (Tobin 1989:27). Die daaglikse tempelritueel rondom die kultusbeeld het byvoorbeeld bestaan uit die klee van die kultusbeeld en die bring van offers. Die klee van die beeld alleen het uit ongeveer vyf-en-veertig afsonderlike handelinge bestaan wat op hulle beurt in kleiner elemente opgebreek is wat elk op sigself gesien is as 'n aparte rite (Assmann 2001: 41).

Assmann (2001:53) beskryf die essensie van die Egiptiese kultus as 'n *menslike respons* op die verhewenheid en alomteenwoordigheid van die gode wat goedgunstiglik vanuit die hemele as *ba* op die mensgemaakte kultusvoorstellinge neergedaal het. Uit verskillende tekste word dit duidelik dat antieke Egiptenare die kultusaktiwiteit as 'n werklike ontmoeting met die god gesien het. Assmann (2001:47) onderskei tussen twee soorte rituele: *reaktiewe* rituele, waar die god die inisiatief geneem het soos by feeste, en die rites gepaardgegaan het met groot vreugde en verwondering; en *operasionele* rituele soos die daaglike kultusritueel waar die priester, as plaasvervanger van die koning wakker geword, die kultusbeeld gegroet, aanbid, gereinig, gesalf, aangetrek en drie maal per dag offerandes van voedsel aangebied het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.1.2.5 Offers

Die opdrag aan die koning is om Ma'at te realiseer, en om offers aan die gode en grafoffers aan die afgestorwenes te bring (Assmann 2001:3).

In feitlik elke Antieke Egiptiese tempel word die seremonie van die *aanbieding van Ma'at* uitgebeeld. Die koning, as verteenwoordiger van die mensdom, bied Ma'at aan die god. Volgens Hornung (1996:214) kan elke offer wat aan die gode gebied word, soos brood, bier of wierook, geïdentifiseer word met Ma'at en kan die *aanbieding van Ma'at* gesien word as die essensie van die kultusoffers. Die aanbieding van Ma'at is 'n teken aan die gode dat die koning hulle opdrag aan hom uitgevoer het; dat *Ma'at* gerealiseer is en dat die wêreld van die mense, wat gedurig onder die bedreiging van chaos staan, in orde is. Maar offers aan die gode het ook 'n basiese element van die tempelritueel uitgemaak.

Lewelose kultusbeelde het 'n kardinale plek in die godsdiens vervul omdat kommunikasie tussen gode en mense deur hulle plaasgevind het. Deur offers is die kultusbeeld tot lewe gebring en voorberei om die goddelike krag te ontvang sodat die god in die kultusbeeld kon gaan en kontak met die mens kon maak (Gundlach 2001:373).

Offers aan afgestorwenes moes die voortbestaan in die lewe na die dood verseker. Voedsel en drank, basiese lewensmiddele, klere en meubels, eetgerei en landbougereedskap, werkers en vee was deel van die toerusting wat die afgestorwene ontvang het om te kan voortbestaan in die lewe na die dood.

2.1.2.6 Feeste

Vir die Antieke Egiptenare was sigbare manifestasies van dít waarin hulle geglo het belangrik. Een manier om sigbare inhoud aan geestelike konsepte te gee, was die hou van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

feeste (Bunson 1991:90). 'n Rekonstruksie van hierdie feeste kan gemaak word uit tekste en grafiese voorstellings uit verskillende eras van die Antieke Egiptiese Geskiedenis en uit opgetekende gebede en liedere wat tydens hierdie feeste gebruik is (Spalinger 2001:521).

Godsdienstige feeste was gekoppel aan die Maankalender en gebaseer op plaaslike tempeltradisies. Sommige feeste wat verband gehou het met die grafkultus is in koninklike en privaat tombes gehou. Feeste was talryk: op sekere tye in die geskiedenis is daar tot vyf-en-sewentig sulke feeste per jaar reg deur Egipte gevier (Bunson 1991:90).

Volgens die maankalender was die eerste fees die *Web-renpet* of Nuwejaarsdagfees op die eerste dag van die jaar. Hierdie fees was nie alleen ter viering van die nuwe jaar nie, maar was ook 'n geleentheid om herlewing en hergeboorte te vier.

Sewentien dae later volg deur die fees van *Wagy* wat geassosieer is met die grafrituele en ook deur mense buite groot die tempels gevier is.

Vanaf die Nuwe Koninkryk is in die tweede maand die fees van *Opet* gevier. Die fokus van hierdie fees was die farao wat na die tempel van Luxor by Thebes gereis het sodat hy die koninklike magte as die lewende Horus van Amun kon ontvang. Ewe belangrik en heelwat ouer as die fees van *Opet,* was die *Sokarfees,* wat in die vierde maand gevier is en waarby die band wat Osiris met Sokar gehad het, beklemtoon is (Spalinger 2001:524).

Die fees van die vrugbaarheidgod Min in die negende maand het die aanbreek van 'n nuwe seisoen aangekondig. Op hierdie fees het die koning die rol vertolk van lewensvoorsiener as hy die eerste gerf graan van die oes sny. Hierdie fees, soos ook ander wat gekoppel is aan die landbou, het ook as tema herlewing en hergeboorte gehad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die doel van die meeste feeste was om die kultusbeelde wat vir die grootste gedeelte van die tyd agter slot en grendel verborge was, vir die gewone mens sigbaar te maak. Hierdie beelde is uit hulle heiligdomme in die tempels geneem en na buite tussen die mense op straat geneem of op 'n boot op die Nyl laat vaar. *Stasies van die Gode* is op verskillende plekke langs die pad vir die prosessie opgerig. Dis tydens hierdie prosessie dat die orakel van die gode met 'n enkele kantelbeweging *ja* of *nee* geantwoord het op vrae wat deur mense aan hom gevra is. By een van die groot Osirisfeeste tydens die sak van die watervlak van Nyl, was die hoogtepunt die vertoon van 'n goue bul wat in fyn, swart linne geklee is. Simbolies is die naderende dood van Osiris en die einde van die groeiseisoen so herdenk. Wanneer die watervlak gestyg het, was daar weereens groot feesvieringe op die rivieroewer met wierook en speserye om nie alleen die koms van die nuwe seisoen nie, maar ook die opstanding van Osiris te vier .

Feeste is met groot oorgawe en in sommige gevalle met groot plesierigheid gevier. In die Harris Papirus (Bunson 1991:91) word daar melding gemaak van tienduisende mense wat deel gehad het aan die fees van Isis. Hierdie fees het uitgestaan vanweë die buitengewone mooi en ryk versierings, wat 'n tydelike heiligdom vir die kultusbeeld van die godin ingesluit het. Dit is gebou uit tamarisk en riete en versier met lelies en ander blomme. Feesgangers is getrakteer op wyn, bier, olie, vrugte, vleis en rantsoene van groente en sout; op sigself 'n groot aansporing om die fees by te woon vir die gewone man wie se stapelvoedsel brood en bier was! Herodotus (Van Rensburg 1994: 99) beskryf die fees van Isis as *die tweede vernaamste fees van Egipte* en vertel:

Nou ja, as hulle (die feesgangers*) na die stad Boebastis opgaan, mqak hulle so: mans en vrouens vaar dan mos sommer saam in 'n groot getal van albei geslagte in elke baris. Party van die vrouens het ratels wat hulle skud, terwyl mans die hele reis deur fluite speel; die orige vrouens en mans sing en klap hande.*

.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nadat hulle in Boebastis aangekom het, vier hulle fees met groot offerandes, en meer druiwewyn word by hierdie fees opgebruik as in die hele res van die jaar. Al wat man en vrou is vergader gereeld daar, sonder die kinders, so veel as sewehonderdduisend, soos die mense dáár sê.

Ook die *Valleifees* is gevier met 'n optog, blomme en musiek. Hierdie fees kan teruggevoer word na die Middelkoninkryk. Amun, Nut en hulle seun Khonsu is van Karnak oor die Nyl gedra na Deir el-Bahbri op die wesoewer. By hierdie geleentheid het families die grafte van afgestorwenes besoek en hulle dooie voorvaders geëer. By die fees van Hathor wat by Dendera gevier is, het die drank vryelik gevloei, gedagtig aan hierdie godin se besondere affiniteit daarvoor terwyl die fees Bastet blykbaar ook met groot jolyt en drankgebruik gepaardgegaan het! (Spalinger 2001:522)

Vir die Antieke Egiptenare die feeste 'n geleentheid gebied om in kontak te kom met die manifestasie van gode wat andersins verwyderd en verborge was. Elke fees is op 'n heilige of mitiese tyd van kosmologiese belang gevier, het godsdienstige gebruike en leringe bevestig, die bewustheid van die bestaan van die gode opgeskerp en die kragte van herlewing en vernuwing wat so sentraal gestaan het in die antieke Egiptiese kultuur gesimboliseer.

2.1.2.7 Volksgodsdiens

Die gewone mens is nooit binne die groot poorte en in die ingeslote tempelruimte toegelaat nie en is beperk tot spesiale ruimtes wat aan hulle toegesê is. Verbode areas is aangedui met vermanende inskripsies op binnedeurkosyne wat aandui dat slegs diegene wat *dubbel rein* was, hier kon binnegaan. In 'n private brief op 'n stela uit Dinastie XX word 'n gewone man se poging om sy probleme na die kultusfiguur van 'n god wat toegesluit is in sy heiligdom te neem, geïllustreer:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar was niemand wat toegang daartoe (die heiligdom) gehad het sodat ek dit na u kon stuur nie. Maar ek het gewag. Ek het Hori ontmoet....en hy het vir my gesê: "Ek het toegang". Dus stuur ek hom na u. (Watterson 2000:208)

Soos reeds aangedui, was die gewone mens se deelname aan die kultus beperk tot die groot feeste wat gesentreer was rondom die reis van 'n kultusgod van een tempel na 'n ander. Alhoewel groot getalle Egiptenare deelgehad het aan hierdie feeste, sou hulle waarskynlik net 'n klein persentasie van die bevolking uitgemaak het. In die alledaagse lewe moes daar dus alternatiewe vir die onbereikbare en eksklusiewe gode gevind word. Die gewone mens het informele maniere ontwikkel om die gode te bereik buite die formele beperkinge van die tempelburokrasie.

Die fokus van populêre godsdiens was alledaagse probleme. Brewer (1999:91) wys op die verskeidenheid persoonlike maniere wat die Egiptenare bedink het om kontak met die gode te maak. By feesgeleentede, wanneer die kultusbeelde uit hulle heiligdom geneem is, kon gewone mense vrae aan die god stel wat beantwoord is deur 'n knik van die god in die rigting van of weg van die vraagsteller af, afhangende van hoe die priesters op daardie oomblik die beeld laat kantel het. Kleiner altare en heilige plekke wat met die gode geassosieer is, was algemeen. Gewone mense het hierdie plekke besoek met dankoffers en versoeke. Ondanks die gewone mens se beperkte toegang tot die tempels is geglo dat gode soos Amun en Ptah die gebede van gewone mens kon hoor. In tempels is wel voorsiening gemaak vir 'n ruimte waarbinne spesiale versoeke aan Amun gemaak kon word. Stelae waarop ore uitgekerf is, is opgedra aan Ptah, wat in hierdie hoedanigheid saamgesmelt het met Sedjem, die personifikasie van gehoor.

Ook die teenwoordigheid van 'n groep gode wat te doen gehad het met die alledaagse bestaan van die mens, dui daarop dat die gewone mens nie uitgesluit was van die godsdiens nie. Verder is ook staatgemaak op die magiese, bygelowe en rituele om kanse op oorlewing van die gevare van elke dag te verbeter. Gewone mense het dus hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

persoonlike gode en rites gehad waardeur gode buite die staatstempels en sonder die hulp van priesters vereer is.

Sekere professies het spesifieke gode as beskermhere en -vroue gehad: Thoth was die beskermgod van die skribente; Ptah van vakmanne en Imotep van dokters. Vir feitlik elke mediese probleem was 'n besondere goddelike beskikbaar. So bv. het Sekhmet nie alleen sieke gebring nie, maar was ook in staat om dit weer weg te neem. Selket kon 'n mens beskerm teen die giftige knypers van die skerpioen terwyl Bes, Taweret en Meskhenet gewaak het oor vroue wat geboorte gegee het (Shafer 1991:54).

Van gode is beskerming teen elke moontlike gevaar waaraan 'n kind bv. blootgestel kan word gevra en antwoorde op hierdie versoeke is van 'n orakel gevra. Gunstige reaksies van die gode is op papirus neergeskryf en as beskerming in 'n papirushouer om die nek gedra soos wat die gewoonte was om amulette te dra. Daar is geglo dat Atum in die skepping bygestaan is deur 'n *Heka* wat benewens goddelike skeppingsmag ook die mag sou gehad het om een ding in 'n ander te verander, die boosheid af te weer en vyande leed aan te doen. Deur die gebruik van inkantasies kon die magte van Heka deur die gewone mens ingespan word.

Een van die algemeenste maniere om geluk en gesondheid te verseker, was die dra van amulette. Amulette het verskillende simboliese waardes gehad; sommige, soos 'n bul of 'n leeu het krag en moed gesimboliseer, ander is ontwerp in die vorm van 'n liggaamsdeel wat dit veronderstel was om te beskerm of te vervang terwyl nog 'n groep simboliese vorms gehad het. Van die bekendste hiervan o.a. die *ankh*-simbool van ewige lewe; die *skarabee*-simbool van die opstanding uit die dood; die *djed*-pilaar wat stabiliteit en uithouvermoë verbeeld en *udjat* of die Oog van Horus wat die boosheid moes afweer en wat ook genesende en helende kragte sou gehad het (Freeman & Ray 1997:88).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.1.3 Die Grafkultus

In Afdeling 1.4 is aandag gegee aan die rol wat die verskillende gode in die doderyk gespeel het. In hierdie afdeling sal dit gaan om die Antieke Egiptenare se siening van die dood en die hiernamaals en die vergestalting van 'n kultus wat sinoniem geword het met hulle kulturele nalatenskap. .....*the overwhelming mass of surviving evidence of Egyptian art and civilization is connected with death and fashioned for tombs* (Johnson 2000:138).

Die Antieke Egiptenare se houding oor die dood, die voorbereiding vir die dood en die groot verskeidenheid grafbybehore en begrafnisrituele kan die wanindruk laat ontstaan dat hulle 'n morbiede beheptheid met die dood gehad het. Alle rituele en toerusting is egter gerig op die instandhouding van die lewe na die dood waarin die antieke Egiptenare onwrikbaar geglo het. Reeds voor die eerste geskrewe rekords wys grafrituele soos die laat van kos by die afgestorwene dat die Egiptenare in 'n liggaamlike bestaan en die noodsaaklikheid vir voedsel na die dood geglo het (Lesko 1995:1763).

Sedert die vroegste tye het die Egiptenare geglo dat die wêreld bewoon word deur drie soorte wesens; die gode, die lewendes en die getransformeerde dooies. 'n Reis na die dood volg die gang van die son, van die sonsondergang af. As die son op aarde ondergaan, beweeg dit die onsigbare dieptes die Ryk van die Dood binne, waar dit lig bring en die dooies verwek tot nuwe lewe. Dit noem Hornung (1992:95) die basis van die Antieke Egiptiese geloof. Dooies is as l*ewend* gesien: Osiris, die heerser oor die doderyk is genoem *die Koning van die Lewendes* en die uitdrukking *lewe na die dood* is 'n algemene deel van Egiptiese goeie wense. Davies (1998:53) vat dit saam: *It was the hope of every Egyptian to be reborn after death, to attain an afterlife with the sun-god Ra and be resurrecrted with each sunrise..* Om hierdie rede is die dood dus nie altyd as 'n negatiewe ervaar nie.

Taylor (2001:13) gebruik die volgende uitsprake in 'n teks uit die Middelkoninkryk om te wys op die positiewe houding van die Antieke Egiptenaar teenoor die dood.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dood is vandag vir my
Soos 'n siek man se herstel
Soos om buite toe te gaan na 'n siekbed.

Dood is vandag vir my
Soos die geur van mirre
Soos om onder 'n seil te sit op 'n winderige dag.

Dood is vandag vir my
Soos 'n man se verlange om sy huis te sien
Nadat hy baie jare oorsee deurgebring het.

2.1.3.1 Die siel

Die Antieke Egiptenare het geglo dat 'n mens as samestelling van verskillende elemente geskape is; die liggaamlike en die geestelike. Die liggaam het die lewegewende geestelike elemente *ba, akh* en *ka* gehuisves (Bunson 1991:41).

i. Die *ba* wat is voorgestel as 'n voël met 'n menskop wat die siel van die mens verteenwoordig. Die *ba* het sy verskyning gemaak wanneer 'n persoon sterf. Dit kon alleen naby die persoon oorleef maar kon ook die graf verlaat en tydelik ander vorms aanneem.

ii. Die *akh* kan omskryf word as die gees van die mens wat ook na die dood bly voortleef. Hierdie gees kan goedaardig of boos wees. Die doel van die godsdienstige mens was om *akh* toe te rus met towerformules wat nuttig sou wees na die dood. Lewendes op aarde wat probleme ondervind het, kon die *akh*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van 'n goedgesinde familielid inroep om hulp. Hierdie versoeke is in briewe en op potte en borde, gevul met offerandes by die graf geplaas.

iii. Die *ka* is moeilik om te omskryf. Dit is gesien as die geestelike essensie wat as deel van die mens bestaan het maar tog 'n individualiteit gehad het. Die *ka* was 'n eteriese liggaam maar is tog beskou as die sentrale kern van alle menslike lewe (Bunson 1991:130). Die beeld of afbeelding van die mens is ook sy *ka.* In die Nuwe Koninkryk word Khum, die pottebakker-skeppergod, uitgebeeld waar hy die mens en sy *ka* maak en in die Laat Periode word na al die eienskappe van Ra, sy sintuie, persepsies en magistrale uitsprake verwys as sy *ka's* (Lesko 1995:1764). Die *ka* was belangrik vir oorlewing na die dood. Nadat die lyk of mummie opgehou het om te bestaan, het die *ka* nog bly voortleef.

2.1.3.2 Oordeel

Herontwaking het vereis dat die oorledene 'n moreel regverdige persoon was. Vanaf die Ou Koninkryk tot in die Laat Periode het die Antieke Egiptenare geglo dat die siel van die oorledene geoordeel word deur Osiris, god van die onderwêreld bygestaan deur o.a. die godin Ma´at en 'n tribunaal van twee-en-veertig gode in die *Saal van Twee Waarhede* (Dubbele Ma´at; Brewer & Teeter 1999:151).

Die oorledene se hart, wat gesien is as die setel van intelligensie en die siel, is op 'n skaal geplaas en geweeg met as maat die veer wat Ma´at simboliseer. Hierna moet die oorledene 'n gedeelte uit *Die Boek van die Dood* voordra waarin hy verslag doen van hoe hy ma'at in sy leeftyd op aarde onderhou het.

Ek het brood gegee aan die wat honger was,
water aan die wat dors was,
klere aan die wat kaal was

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en 'n skuit aan die wat nie 'n boot gehad het nie

Ek het nie die wese van hul eiendom ontneem nie
Ek het nie niemand bevel gegee om dood te maak nie.
Ek het godeoffers aan die gode
en aanbiddingoffers aan die geeste gebring....

Ek is rein van mond en rein van hande....
Ek het gedoen wat reg is vir die Eienaar van die Waarheid.
Ek is rein,
my gelaat is skoon,
my handpalms is skoon...

(Brewer & Teeter 1999:152)

Die oordeel is aangeteken deur Thoth, die skribentgod. Die suksesvolle kandidaat kon dan sy permanente tuiste betrek. Omdat nie almal met ewe groot eerlikheid die belydenis van 'n onkreukbare lewe kon aflê nie, kon amulette en magiese inkantasies uit die *Boek van die Dood* gebruik word om die gode tot 'n gunstige oordeel te beweeg.

As ook dit nie slaag nie en die oorledene faal om die gode van sy morele verdienstelikheid te oortuig, word hy die slagoffer van *Anemait die Vernietiger* wat by die skaal staan en wag vir die hart van sy ongelukkige slagoffers (Bunson:1991:129). Diegene wat tot hierdie tweede dood verdoem is, het as demone bly voortbestaan in die onderwêreld as bedreiging van die magte van orde en harmonie. Dis teen hierdie demone dat daagliks beskermende magiese rituele uitgeoefen moes word en teen wie die gode 'n ewigdurende stryd gehad het.

As hierdie belydenis opreg was, sou die oorledene se hart ligter weeg as Ma´at se veer en hy/sy sou toegelaat word om in die lewe na die dood te beweeg waar hy in gerief en geluk kon bly lewe tot in ewigheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.1.3.3 Mummies en Grafte

Die suksesvolle oorgang van die oorledene na die nuwe lewe na die dood het afgehang van die mate waarin geslaag is om die oorskot in 'n lewensgetroue toestand te bewaar. Dit het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van mummifikasie waardeur Antieke Egiptenare gepoog het om die individu na sy dood steeds integraal te behou omdat geglo is dat geen deel van die mens, psigies of liggaamlik, ooit verdwyn nie. Alhoewel die dood die liggaamlike en die geestelike tydelik skei, word dit weer in die hiernamaals herenig sodat 'n heel persoon weer herontwaking kan beleef. Om te verseker dat die liggaam identifiseerbaar was, is die mummie- en kisversierings en uitvoerige grafskrifte aangebring.

Taylor (2001:92) wys daarop dat die gewoonte om dooies materieel te versorg kenmerkend van alle samelewings is en dat dit meermale beoefen word om die effek van die dood te versag of selfs 'n skuldige gewete te sus. By die Antieke Egiptenare was hierdie gewoonte meer as net 'n uitdrukking van rou. Dit is beskou as essensieel vir die voortbestaan in die lewe na die dood. Daarom het laat Predinastieke en vroeë Dinastieke grafte houers met wyn, graan, water en bier bevat. In graftes van die 18e tot 20ste Dinastieë is brood, koek en vrugte gekry, terwyl in die grafte van konings en ander hooggeplaastes selfs porsies gemummifiseerde vleis, toegedraai in linne gevind is. Benewens voedsel is ook dinge soos klere, reukolies, meubels, skryfbehoeftes, juwele en anders snuisterye, landboutoerusting en bediendes in die vorm van *shabti-figure* of afbeeldings daarvan voorsien om die dooie se verblyf in die onderwêreld gerieflik te maak. Rondom hul beskouing oor die dood het die antieke Egiptenare 'n alternatiewe werklikheid geskep wat Brewer & Teeter (1999:147) *a mirror image of the living* noem.

Grafte is gesien as *huise van ewigheid* (Brewer & Teeter 1999:168) en privaatgrafte het gewissel van vroeë ovaalvormige grafte met min offerandes tot deftige *mastaba*-tombes soortgelyk aan die van vroeë konings. Koningsgrafte het ontwikkel van moddersteen-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mastabas tot klippiramides en tombes wat uit rots gekap is. Alhoewel daar groot ontwikkeling op hierdie gebied was, het 'n paar basiese kenmerke soos die teenwoordigheid van vals deure en bykomende tempels in 'n tempelkompleks en die basiese doel van die graf byna 3,000 jaar lank onveranderd gebly.

Antieke Egiptiese skrif was veel meer as kommunikasiemiddel. Vir die Antieke Egiptenaar het skrif die kapasiteit besit om die grens tussen lewe en dood oor te steek. Die beste voorbeeld hiervan is sg. *briewe aan die afgestorwene* waarin die lewende familie versoeke aan die dooie gerig het. Omdat hiërogliewe klein prentjies is, is geglo dat hulle substitute is vir die ware voorwerp. Om dus 'n persoon se geskrewe naam te vernietig, is om sy gedagtenis en dus sy ewige lewe uit te wis. Eweneens is hiërogliewe van gevaarlike diere soos slange of kwartels geïmmobiliseer deur hulle met messe deurboor of sonder bene te teken (Brewer en Teeter 1999:121).

'n Skat van Antieke Egiptiese graftekste het behoue gebly. Diep in die Laat Koninkryk is begin met invoeging van lyste van offerandes in kiste om die afgestorwene in die nuwe lewe te versterk. Hierby is ook 'n magiese formule ingesluit wat aan die afgestorwene ewige versterking sou gee. Deur die loop van die Antieke Egiptiese geskiedenis is 'n aantal variante gebruik. Dodson (2001: 64) haal die volgende as 'n tipiese voorbeeld aan:

Koninklike offers aan [die god] Osiris...
dat hy offers bestaande uit bier en brood,
osse en pluimvee, albaster en klere,
alle goeie en rein dinge waarvan gode lewe,
sal verskaf aan die gees van die oorledene {naam}.

Gedurende die Middelkoninkryk is van meer uitgebreide graftekste gebruik gemaak. Kistekste is in houtkiste geskryf om die afgestorwene op sy pad die nuwe wêreld in te begelei. Teen die Nuwe Koninkryk is 'n volledige gids voorberei. Dit het bekend gestaan *as Die Boek van die Daaglikse Verskyning,* vandag beter bekend as *Boek van die Dood.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ook ander tekste met verskillende temas is in hierdie era geskryf - almal met een doel voor oë: om die oorgang van een wêreld na 'n ander te vergemaklik.

By die bestudering van die antieke Egiptiese kultus rondom die graf en dood word dit gou duidelik dat elke begrip, voorwerp en handeling wat rondom die dood en graf ontstaan en ontwikkel het, die instandhouding van die ewige lewe as motief het en dat vir die antieke Egiptenaar dit die primêre taak op aarde was.

In verband met die tyd vir dade op aarde,
Dit is die voorkoms van 'n droom
'n Mens sê: " Welkom veilig en behoue"
Aan hom wat die Weste bereik

Taylor (2001:13)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Samevatting

In Antieke Egipte het die godsdiens oor millennia ontwikkel en was die aard van die gode onderhewig aan politieke kragte en regionale invloede. Gevolglik ontwikkel die panteon voortdurend en is die struktuur daarvan fliktuerend.

Soos alle ander vroeë beskawings was Antieke Egipte godsdienstig en volgens Herodotus (Van Rensburg 1994:91) *meer as ander mense, buitensporig godsdienstig.* Hoe korrek hierdie tipering is, is moeilik om vas te stel, maar as na die Antieke Egiptiese beskawing gekyk word, word dit gou duidelik dat elke aspek van die daaglikse lewe geraak is deur die besondere rol van die godsdiens en van die Farao as god-koning. By 'n blik op die Antieke Egiptiese godsdiens kan 'n mens nie anders as saamstem met die slotreëls van *Die Himne aan die Nyl* nie:

U volmaaktheid is hier voor ons
sodat ons kan terugdraai na u koestering
en die gode is naby.
(Himne aan die Nyl
Ostracon Deir el Medineh 1675)
(Foster 1995:122)

Die Antieke Egiptiese Godsdiens is 'n groeipunt vir die Judaïsme en uiteindelik ook die Christendom en die Islam sodat selfs lank nadat die Antieke Egiptiese kultuur ondergegaan het, die eggo's van hul aanbidding en die voetspore van hul gode in die een-en-twintigste eeu herkenbaar is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bronne

Assman, Jan. 2001. *The search for God in Ancient Egypt*. Ithaca & London: Cornell University Press.

Brewer, D.J. & Teeter, E. 1999. *Egypt and the Egyptians*. Cambridge: Cambridge University Press.

Bunson, Margaret. 1991. *A Dictionary of Ancient Egypt*. New York, Oxford: Oxford University Press.

Dodson, A. 2001. *The hieroglyphs of Ancient Egypt.* London etc.: New Holland.

Doxey, Denise M. 2001. Priesthood. In Redford 2001: 68-73.

Erman, Adolf. 1927. *The Literature of the Ancient Egiptians. Poems, Narratives and Manuals of Instruction, from the Third and Second Millennia B.C.* London: Methuen.

Foster L. John. 1995. *Hymns, Prayers and Songs. An Anthology of Ancient Egyptian Lyric Poetry.* Atlanta, Georgia: Scholars Press.

Freeman, C. & J.D. Ray. 1997. *The legacy of Ancient Egypt*. London: Greenwich

Geddes & Grosset. 2001. *Ancient Egypt Myth & History.* np.

Gundlag, Rolf Pres. Temples. Redford 2001: 364-379.

Hornung, E. 1982. *Conceptions of God in Ancient Egypt. The one and the many.* Ithaca, New York: Cornell University Press.

Hornung, E. 1992. *Idea into image. Essays on Ancient Egyptian Thought*. Timken:np.

Johnson, Paul. 1999. *The civilization of Ancient Egypt*. London: Weidenfeld & Nicolson.

Knapp,A. Bernard. 1988. *The History and Culture of Ancient Western Asia and Egypt.* Belmont, CA: Wadsworth.

Lesko, Leonard H.1995. Death and the afterlife in Ancient Egyptian thought. In Sasson 1995: 1763-1774.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lichtheim, Miriam. 1973. *Ancient Egyptian Literature, A book of Readings.* Vol. 2 . Berkeley, Los Angeles, London: University of California Press.

Meeks, Dimitri & Favard Meeks, Christine.1996. *Daily Life of the Egyptiam Gods.* Ithaca and London: Cornell University Press.

Redford. Donald B. (ed.). 2001. *The Oxford Encyclopedia of Ancient Egypt.* Vol. 3. New York: Oxford University Press.

Sasson, Jack M. (ed.). 1995. *Civilizations of the Ancient Near East III.* New York etc.: Scribner's.

Schultz. R. & M. Seidel. (eds.). 1998. *Egypt. The world of the Pharaohs*. Cologne: Könemann.

Shafer,Byron E.(Ed.) Baine, J. Lesko, H. Leonard . Silverman, David P. 1991. *Religion in Ancient Egypt, Gods, Myths and Personal Practice.* Ithaca and London: Cornell University Press.

Spalinger, Anthony J. 2001. Festivals. In Redford 2001: 521-525.

Taylor, J.H. 2001. *Death and the afterlife in Ancient Egypt*. London: British Museum Press.

Te Velde, Herman. 1995. Theology, priests, and worship in Ancient Egypt. In Sasson 1995: 1731-1749.

Tobin, Vincent Arieh. 1989. *Theological Principles of Egyptian Religion.* New York: Peter Lang Publishing.

Van Rensburg, B.F.J. (vertaler). 1994 . *Die Ooste teen die Weste. Herodotus se Geskiedenis.* Pretoria: Hans Kirsten Uitgewery.

Watterson, B. 2000. *Gods of Ancient Egypt.* London: Batsford.

Wilkinson, Richard H. 1994. *Symbol & Magic in Egyptian Art.* London: Thames and Hudson.